# 'N ETIES-HISTORIESE BESKOUING VAN DIE ROL VAN GENL C.R. DE WET IN DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899-1902

deur

**SERVAAS HOFMEYR ROSSOUW**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM IN GESKIEDENIS (GEDOSEER)

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**Universiteit van Pretoria**
**Pretoria**
**2003**

Leier: Prof. F. Pretorius

**'N ETIES-HISTORIESE BESKOUING VAN DIE ROL VAN GENL C. R. DE WET IN DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899-1902.**


1. Voorwoord i

2. Inleiding 1

2.1 Etiek 1

2.2 Etiek van oorlog 8

3. Die geregverdigde oorlogbeginsel 16

3.1 Wettige gesag 17

3.2 Grondige rede 18

3.3 Proporsionaliteit en die toetrede tot oorlog 20

3.4 Laaste uitweg 21

3.5 Proporsionaliteit in die voer van oorlog 22

3.6 Immuniteit van nie-krygers 23

4. Etiese oorweging van De Wet se rol in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 tydens die stellingkrygfase 26

4.1 Vyand 27

4.2 Ondergeskiktes 33

4.3 Burgerlikes 41

| | | |
|---|---|---|
| 5. | Die guerrilla-fase | 44 |
| 5.1 | Is guerrilla-oorlogvoering eties? | 45 |
| 5.2 | Was De Wet 'n guerrilla? | 47 |
| 5.3 | Etiese oorwegings met betrekking tot De Wet se krygstaktiek tydens die guerrilla-fase | 49 |
| 5.3.1 | Vyand | 49 |
| 5.3.2 | Ondergeskiktes | 66 |
| 5.3.3 | Burgerlikes | 81 |
| 6. | Vrede | 85 |
| 6.1 | Vrede as deel van oorlog | 85 |
| 6.2 | De Wet en die Vrede van Vereeniging | 86 |
| 7. | Slotbeskouing | 90 |
| 8. | Bronne | 98 |

# 1 VOORWOORD

Hoewel oorlog al deel is van die mensdom van die vroegste tye af, bly dit 'n verskrikking en gee baie te kenne dat dit vir hulle onaanvaarbaar is. Tog is oorloë deur al die eeue gevoer en elkeen van ons is getuies van die talle gewapende konflikte op aarde in ons leeftye. Oorlog is dus 'n integrale deel van ons geskiedenis en bestaan.

Die etiek van ons bestaan vereis dat daar sekere reëls vir die samelewing is. Van hierdie reëls geld ook in oorlog. Daar kan dus verwys word na die etiek van oorlog. Hierdie etiek is reeds rondom die sestiende eeu deur Niccolo Machiavelli, 'n Florentynse politikus, aangeroer. Sy werk *Die prins* het hom bekend gemaak vir sy ongenaakbaarheid. In die teenwoordige tyd spreek 'n werk soos *An intimate history of killing* deur Joanna Bourke (1999) die etiek van oorlog aan uit die perspektief van die psigiese ervaring van die deelnemers daaraan.

Vir die huidige werk is besluit om 'n eties-historiese korrelasie te trek tussen die geskiedkundige feite rondom die deelname van hoofkmdt C. R. de Wet aan die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 en die etiek van oorlog. De Wet is sedert die Anglo-Boereoorlog deur die Afrikaners as 'n volksheld vereer. Baie van die populêre publikasies oor hom is miskien beïnvloed deur 'n oormatige eensydige entoesiasme of emosie. Dit is dus sinvol om die rol van De Wet in die oorlog aan die hand van die etiek te ontleed. Versigtigheid is aan die dag gelê om slegs by 'n ontleding te bly aangesien 'n werkstuk soos dié maklik in 'n beoordeling of veroordeling van 'n sekere party of persoon kan ontaard. Daar is nie gepoog om breedvoerig diskoers te voer oor aspekte van die etiek en die toepassing daarvan op die voer van oorlog nie. Dit sou 'n verdere studie regverdig. Vir die doel van hierdie werkstuk is die teorie van die etiek, soos aangehaal uit gevestigde bronne, as verwysingspunte gebruik. Verder is daar van etiese kriteria gebruik gemaak soos in hedendaagse bronne beskryf om sodoende die

Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 in ‘n eietydse en hopelik meer verstaanbare etiese milieu te plaas.

Hiervoor is ‘n verwysing na die etiek oor die algemeen sowel as die etiek van oorlog nodig. Vir die bespreking van die etiek is verskeie bronne geraadpleeg. Die werk *The question of ethics* deur C. E. Scott is in dìe verband nuttig gevind. *Approaches to ethics* wat ‘n selektiewe samestelling van klassieke tot huidige werke onder hoofredaksie van W. T. Jones is, is ook met vrug aangewend.

Wat die spesifieke verwysing na die etiek van oorlog betref, gee die werk van A. J. Coates, *The ethics of war,* ‘n uitstekende uiteensetting van die onderwerp. Die sogenaamde geregverdigde oorlogbeginsel staan sentraal in hierdie werk met ‘n grondige bespreking van die komponente en vereistes daarvan.

Vir die ontleding van De Wet se rol is grootliks gebruik gemaak van sy eie herinneringskrif oor sy ervaringe in die oorlog. Die vertaling deur M. C. E. van Schoor, *Die stryd tussen Boer en Brit,* is gebruik. Volgens F. Pretorius is hierdie herinneringskrif te lank as die laaste woorde oor die operasies van die beroemde Boeregeneraal beskou.[1] Vir die huidige werk bly hierdie egter ‘n belangrike bron, aangesien dit nodig is om De Wet se persoonlike ervarings in ag te neem in die ontleding van die etiek van sy krygspraktyk.

Aanvullend is onder meer van die bronne *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*, proefskrif van W. L. von R. Scholtz en *Met die Boerekommando’s,* deur J. D. Kestell gebruik gemaak. Nuttige inligting is ook bekom uit die herinneringskrif van F. F. Pienaar, *Op kommando met Steyn en De Wet.*

In die uitleg is gepoog om die teorie van die etiek en spesifiek die etiek van oorlog te integreer met die geskiedenis. Daar sal gemerk word dat daar aan die begin ‘n teoretiese bespreking is, gevolg deur ‘n eties historiese ontleding van

[1] F. Pretorius, *Die eerste dryfjag op hoofkmdt C.R. de Wet,* p. i.

De Wet se rol in die oorlog. Geïntegreer hiermee volg verdere teoretiese toeligting oor guerrilla-oorlogvoering later in die teks en ter afsluiting word die teorie van vrede as deel van oorlog en die Vrede van Vereeniging bespreek.

## 2 INLEIDING:

### 2.1 Etiek:

Die strewe om morele vraagstukke deur rasionele metodes op te los het ‘n lang geskiedenis. Die Griekse filosoof Socrates, het 2300 jaar gelede geargumenteer dat ‘n mens, voor hy ‘n handeling uitvoer, eers dit wat ten gunste daarvan en dit wat daarteen is, moet oorweeg. Die mens moet hom nie laat lei deur die opinie van die massas nie, maar deur rede. In ‘n kontemporêre siening oor etiek word die invloed van kultuur ook in ag geneem. Hier is dus etiese relatiwiteit ter sprake.[2]

Na die begrip “etiek” moet daar miskien eerder verwys word na die “vraag van etiek”. Die vraag van etiek spruit uit die etiese belang sowel as die interne konflik binne in waarde-strukture.[3] Die verskil tussen etiek en ander vakgebiede is die teenwoordigheid van emosie. Om oor iets te besin wat ten gunste of teen die uitvoer van ‘n sekere handeling is, moet ‘n mens vir iets omgee.[4]

Die vraag van etiek het redelik onlangs ontstaan en dit is nie algemeen bekend nie. Dit spruit uit dialektiese denke van die vroeë tot middel negentiende eeu. Die eerste duidelike beskrywing daarvan is die werke van Friedrich Nietzsche.[5]

Vandag openbaar die etiek hom op haas elke terrein van die menslike bestaan. Elke handeling, elke professie en elke onderwerp van bespreking word vandag aan etiek gekoppel, met ander woorde alles wat ons doen, dink en sê word eties beoordeel. Die huidige talle beroepsrade dien onder andere om struktuur aan die etiek in daardie spesifieke beroepe te verleen, byvoorbeeld die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika (mediese etiek). Dink ook aan teologiese etiek, regsetiek en onderwysetiek, om maar slegs enkeles te noem.

[2] M. Velasques, (eds.), *Ethics theory and practice,* pp.3-4.
[3] C.E. Scott, *The question of ethics*, p.1.
[4] M. Velasques, (eds.), *Ethics theory and practice,* p. 29.
[5] C.E. Scott, *The question of ethics*, pp. 1-2.

Etiek is die onderdeel van die filosofie wat oor sedelike gedrag, pligte en waardes handel. Dit is die wetenskap van die sedelike norme of wette, die leer van die ideale menslike karakter en die ideale doel en strewe van menslike handelinge.[6]

Verskeie vorme van etiek kan onderskei word onder meer formele, heteronome, individuele, materiële, metafisiese, normatiewe en sosiale etiek. Empiriese etiek berus op die ervaringsituasie van die mens in aansluiting waarby redelike waardes uitgespreek kan word, maar wat nie bindend is vir ander situasies nie. Dit is etiek wat meer met die inhoud van die ervaring te doen het as met die vorm of inhoud van sekere sedewette. Hierdie vorm van etiek is veral van belang in die voer van oorlog waar buitengewone omstandighede ter sprake is.[7]

In historiese studies kan etiek in verband gebring word met die aanteken van die geskiedenis (geskiedskrywing) wat die objektiwiteit, akkuraatheid en eerlikheid daarvan beoordeel en die handelinge in die geskiedenis self. Laasgenoemde kan natuurlik net ‘n beskouing en ontleding wees, en nooit ‘n beoordeling nie.

Etiek is dinamies. Dit is kultuur-, tyds- en omstandigheisgebonde. Wat eties is vir die een, is nie eties vir die ander nie. Wat toe eties was, is nie nou eties nie. Wat eties is in oorlogstyd, is nie eties in vredestyd nie. Etiek bepaal dus wat op ‘n sekere tydstip, plek, kultuur of omstandigheid aanvaarbaar is.

In ‘n sekere sin is etiek ‘n patroon, norm of gedragskode wat aanvaar is deur ‘n sekere groep mense, hoewel nie altyd deur almal in die groep nagekom word nie. Uit hierdie oogpunt beskou, is etiek deel van die dissiplines sosiologie, antropologie en geskiedenis. Hierdie dissiplines wys op die groot diversiteit wat bestaan het in etiese kodes en nog bestaan. In sommige gemeenskappe is (of

[6] P.C. Schoonees et al (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal*, II, p.610.
[7] P.C. Schoonees et al (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal*, II, p. 619.

was) kannibalisme ‘n gegewe, terwyl dit in ander heel ondenkbaar is. Sommige kulture keur suigelingsmoord goed, terwyl dit elders ten sterkste afgekeur word. Die variasie wat in die etiese patrone van verskillende gemeenskappe voorkom, moet deur die wetenskaplike in ag geneem word.[8]

Etiek is nie net van toepassing op sekere aanvaarde gedragskodes nie, maar ook gerig op handelinge wat hierdie kodes òf onderskryf òf hersien. So byvoorbeeld beskik sekere beroepsrade onder andere dìe van medici oor sekere etiese komitees. Hulle taak is om sekere etiese standaarde te formuleer maar ook om nuwe standaarde daar te stel, nuwe gedragsreëls te formuleer en dit dan aan hulle lede voor te lê. So byvoorbeeld was dit die gebruik van medici om onder sekere omstandighede ‘n spesifieke diagnose vir ‘n pasiënt te verberg as die kennis daarvan, na die oordeel van die geneesheer, vir die pasiënt skadelik sou wees. Tans is dit egter aanvaarbaar en trouens die reg van die pasiënt om onder alle omstandighede ingelig te wees oor sy toestand.[9]

Hierdie beginsel geld egter ook buite formele liggame soos beroepsrade. ‘n Individu kan ook sekere norme bevraagteken of teëstaan byvoorbeeld om hom nie daaraan te steur nie, sy kinders her op te voed of selfs net ‘n brief in die plaaslike koerant te plaas. Op dié manier is elkeen dus gemoeid met etiek in dié sin van die woord. Dit is egter hierdie gebruik van die term wat ons teenoor die gebruik van die term in ‘n spesifieke filosofiese sin stel, aangesien etiek, as ‘n filosofiese vraagstuk, eenvoudig ‘n poging is om op ‘n meer sistematiese en kritiese wyse te doen wat elkeen in elk geval per geleentheid doen. Filosofiese ondersoek is krities, aangesien aanvaarde etiese standaarde nie as vanselfsprekend aanvaar word nie maar aan intense ondersoek onderwerp word. Dit is ook sistematies, aangesien die persone betrokke by etiese evaluasie bereid moet wees om die uitkomste van hulle navrae ook te ondersoek wat dit

[8] W.T. Jones et al (eds.), *Approaches to ethics*, p.1.
[9] W.T. Jones et al (eds.), *Approaches to ethics*, p.2.

ook al mag wees. Dit sluit oorwegings soos plig, verantwoordelikheid, gelykheid, geregtigheid, regte, wettige gesag en voordeel in.[10]

Etiese oorweging begin met die daadwerklike probleme van individue wat 'n keuse moet maak en wat onseker is wat om te doen. Hierdie probleme kan persoonlik of sosiaal, groot of klein wees. Elkeen kom teen probleme te staan en oorweging word minstens geskenk aan moontlike oplossings. Wanneer 'n situasie of probleem eties oorweeg word, is daar gewoonlik vier vrae wat beantwoord moet word:

Die eerste vraag handel oor die feite. Hier kom gewoonlik empiries of wetenskaplike feite ter sprake. Vrae wat hieruit ontstaan, kan gewoonlik nie deur filosowe verskaf word nie maar slegs deur natuurwetenskaplikes deur verdere navorsing. Baie etiese ingewikkeldhede en teenstrydighede spruit uit onkunde of meningsverskille oor feite.[11]

Tweedens vind oorweging plaas en ons steun op beginsels wat ons reeds aanvaar. Tipies egter, kan gevind word dat van hierdie beginsels teenoor mekaar kan staan. Ter illustrasie kan die voorbeeld voorgehou word van 'n medikus wat deur eie oordeel sekere inligting van die pasiënt weerhou. Op sy beurt het die pasiënt die reg om ten volle ingelig te wees oor sy toestand. In dié geval moet die onderskeie faktore teen mekaar opgeweeg word ten einde 'n oplossing vir die teenstrydigheid te vind.[12]

Dit is duidelik dat hier ook sekere morele beginsels ter sprake is. Laasgenoemde is nie slegs persoonlike oortuiging nie maar sluit kulturele gebruike, norme en waardes in, met ander woorde die instellings waarvan die alledaagse lewe afhang. Hoe hierdie instellings geëvalueer word, is die sentrale probleem van

[10] W.T. Jones et al (eds.), *Approaches to ethics*, p.2.
[11] W.T. Jones et al (eds.), *Approaches to ethics*, p.3.

[12] W.T. Jones et al (eds.), *Approaches to ethics*, p.3.

etiek. Hierdie waardesisteme is op die agtergrond van elke etiese oorweging. Hierdie sisteme sluit die vasgelegde gedragskodes sowel as goeie gebruike in wat deel uitmaak van ‘n samelewing se regstelsel, professionele rade, unies, besighede, verenigings en kerke. ‘n Sisteem van deels deurdagte idees oor korrekte optrede teenoor die medemens word ook hierby ingesluit. Baie van hierdie reëls dra swaar gewig. Die regsisteem bepaal byvoorbeeld die mag van die polisie. Beroepsrade het hulle eie maniere van vergoeding en straf, byvoorbeeld die verwydering van ‘n medikus se naam van die register in geval van onetiese optrede. ‘n Ander uiters belangrike bepaling is die openbare mening. Dit kan direk wees deur die individu se beoordeling en indirek deur die steun van die publiek vir die openbare mag.

Uit die oogpunt van die individu gesien, is hierdie reëls ‘n magstruktuur. Alhoewel klein veranderinge bewerkstellig kon word, moet die mens meestal sy lewe so inrig om aan te pas by hierdie reëls. Selfs ‘n sogenaamde “rebel” maak gebruik van openbare fasiliteite, besoek winkels, woon konserte by en lees boeke. Dit is handelinge wat alleen moontlik is in ‘n hoogs ontwikkelde sosiale struktuur, wat op sy beurt net moontlik is danksy ‘n stel reëls.

Natuurlik is alle reëls van ‘n samelewing nie gekodifiseer nie, maar mense leer deur die optrede van ander waar te neem en te luister na sekere persone soos onderwysers, geestelikes en helaas selfs politici, en nie deur ‘n stel gekodifiseerde reëls te lees nie. Derhalwe moet elkeen wat deur ‘n etiese probleem gekonfronteer word, ‘n stel beginsels wat volgens hom ter sprake is en van toepassing op die spesifieke probleem, formuleer. Dit is nie altyd maklik nie en hoewel baie mense sensitief is oor etiese probleme, het almal nie die vermoë om op die vraagstuk te fokus nie.[13]

---

[13] W.T.Jones et al (eds.), *Approaches to ethics*, p.4.

Derdens is daar formulering. Selfs die geskrewe reëls – grondwette, wette, regsvoorbeelde en prosedures – is nie altyd duidelik geformuleer nie. Daarom ontstaan die vraag of die geformuleerde beginsel van toepassing is op ‘n spesifieke, unieke situasie. Daarom moet selfs die vasgestelde reëls in ‘n samelewing voortdurend toepaslik geïnterpreteer word. Hierdie beginsel word in alle howe toegepas maar interpretasie speel ‘n belangrike rol in elke persoon se etiese oorwegings.[14]

Vierdens, na vasstelling van al die feite, oorweging van teenstrydighede en toepassing van sekere beginsels in sekere omstandighede, is dit nodig om ‘n besluit te neem. In die etiese oorweging is selfkennis ‘n belangrike komponent. Dit behels die neem van ‘n besluit en optrede daarvolgens. Die aspek van oorweging word sterk beklemtoon deur die kontemporêre eksistensialisme wat aanvoer dat ‘n morele probleem slegs die handeling is om te doen wat ‘n persoon glo reg is. Die filosofie van etiek moet egter nie net help dat mense doen wat hulle glo reg is nie, maar hulle eerder help om te besluit wat reg is.[15]

Die begrip etiese teorie is ‘n poging om beginsels te evalueer en daar te stel ten einde etiese probleme aan te spreek. Dit beteken dat die etiek-teoretikus nie vra wat vir die samelewing aanvaarbaar is nie. Etiek streef die beginsels na wat aandui wat die regte handeling is om uit te voer of wat die moeite werd is om te doen ongeag of dit vir ‘n sekere groep aanvaarbaar is of nie. Dit is dus nie gemoeid met wat die openbare mening is nie maar wat dit behoort te wees, soos ‘n natuurwetenskaplike nie gemoeid is met wat mense glo oor die vorm van die aarde nie, maar wat dit is. Etiek kan nie altyd beginsels verifieer soos in die geval van die natuurwetenskappe nie maar die vergelyking is nuttig om die sentrale vraag van tradisionele etiek te illustreer. Die soeke na standaarde van algemene waardes, gedrag en optrede is die hoofsaak van etiek.[16]

---

[14] W.T. Jones et al (eds.), *Approaches to ethics*, p.5.
[15] W.T. Jones et al (eds.), *Approaches to ethics*, p.5.

In die teorie van etiek is daar vier benaderings. Eerstens word daar verwys na die etiek van die natuurwette. Dit sluit die veronderstelling in dat elke mens, deur sy gewete, 'n basiese begrip het van wat reg en verkeerd is. Daar is met ander woorde 'n morele wet wat so ingeburger is dat almal daarvan bewus is. Hierdie natuurwet is verhewe bo die onderskeid tussen verskillende nasies in dié sin dat elke burger van elke land dit moet eerbiedig, ongeag wat sy eie wette bepaal.[17]

Die Kantiaanse etiek is gebaseer op die stel morele beginsels wat die Duitse filosoof, Immanuel Kant, in die agtiende eeu ontwikkel het. Hy voer aan dat die mens se basiese morele pligte opgesom word in 'n beginsel wat hy die "besliste noodsaaklikheid" genoem het. Dit vereis van ons dat ons respek moet hê vir die mensdom en die waardigheid van alle mense. Kant hou vol dat daar by hierdie beginsel gehou moet word ten spyte van versoekinge wat bevredig kan word as daar hiervan afgewyk word.[18]

Die utilitaristiese etiek is 'n morele teorie wat van die mens vereis om na die eindresultaat van sy handelinge te kyk om die moraliteit daarvan te bepaal. Volgens hierdie teorie hang die moraliteit van 'n handeling af van die hoeveelheid goed wat die handeling meebring. Om die moraliteit van 'n handeling te bepaal, moet die hoeveelheid goed wat die handeling sal meebring, gemeet word en die hoeveelheid kwaad wat dit sal veroorsaak, daarvan afgetrek word. Die resultaat is die "utiliteit" van die handeling.[19]

In die sosiale kontrak etiek is daar volgens John Rawls twee beginsels. Eerstens moet elke persoon se vryheid beskerm word en dit moet gelyk wees aan ander mense s'n. Tweedens moet die gemeenskap die lot van sy mees behoeftige

---

[16] W.T. Jones et al (eds.), *Approaches to ethics*, p.7.
[17] M. Velasques (eds.), *Ethics theory and practice,* p. 33.
[18] M. Velasques (eds.), *Ethics theory and practice,* p. 67.
[19] M. Velasques (eds.), *Ethics theory and practice,* pp. 105-106.

lede so ver as moontlik verbeter. Hiermee saam moet elkeen die geleentheid hê om sy eie stand in die samelewing te verbeter.[20]

Etiek is ‘n versameling van waardes waardeur ‘n bepaalde kultuur homself verstaan en interpreteer met betrekking tot wat goed is en wat sleg is. Etiek is dus nie duidelik onderskeibaar van morele waardes nie, aangesien dit verwys na ‘n groep waardes vir beide gedrag en waarde-beoordeling.[21]

## 2.2 Etiek van oorlog:

Carl von Clausewitz, ‘n Pruisiese veteraan van die Napoleontiese oorloë, skryf in sy boek oor oorlog, *Am Kriege*, dat oorlog die voortsetting van politieke verkeer deur vermenging met ander middele is.[22]

Coates verwys na vier sogenaamde beelde van oorlog naamlik realisme, militarisme, pasifisme en die geregverdige oorlog. Volgens hom is die geregverdige oorlogbeginsel die enigste wat voldoen aan die morele beperkings van oorlog. In teenstelling met die immorele en pragmatiese benadering van die realisme, dring die geregverdigde oorlogteoretikus daarop aan dat oorlog op morele gronde gevoer word waar moontlik, en die morele afkeur van oorlog waar dit nie moontlik is nie. In teenstelling met die militarisme, streef die geregverdigde oorlogbeginsel-teoretikus na die morele voorkeur vir vrede bo oorlog en staan die kultuur van geweld en beweging na volskaalse oorlog teen wat juis is wat die militaris verkies. In teenstelling met die pasifis, staan die geregverdigde oorlogbeginsel-teoretikus die gehele morele afkeur van oorlog en enige militêre handelinge teen. Hierdeur word die potensiële morele

[20] M. Velasques (eds.), *Ethics theory and practice,* p. 129.
[21] C.E. Scott, *The question of ethics*, p.4.

[22] J. Keegan, *History of warfare*, p.3.

instrumentele waarde van oorlog erken teenoor 'n onaanvaarbare en wankelrige vrede.[23]

In die ontleding van die geregverdigde oorlogbeginsel word die morele faktore wat die oorlog bepaal in twee onafhanklike, dog verwante dele verdeel. Die een handel oor die vraag om tot oorlog oor te gaan (*ius ad bellum*) en die ander oor die voer van oorlog (*ius in bello*). In die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie is dit noodsaaklik dat beide hierdie komponente deur morele waardes bepaal word.[24]

Gesien uit die gesigspunt van die geregverdigdeoorlog beginsel, is realisme te geneig om oorlog as 'n verlenging van politiek te sien. Hierdie standpunt maak oorlog "normaal". Realiste glo dat oorlog 'n onmisbare deel van 'n ordelose wêreld-sisteem is en dat dit aangewend moet word as dit in die nasionale belang is. Wanneer oorlog uiteindelik uitbreek, moet die staat alles in sy vermoë doen om te wen.[25] Die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie sien tussen oorlog en politiek 'n geweldige versteuring terwyl die realis politiek en oorlog as 'n kontinuum beskou. Waar die realis oorlog sien as 'n pragmatiese noodsaaklikheid, sien die geregverdigde oorlogbeginsel tradisie dit as 'n morele tragedie.

Dit sou egter verkeerd wees om die verwantskap tussen realisme en die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie as slegs negatief en strydig met mekaar te beskryf. Die twee tradisies het in der waarheid heelwat in gemeen. Daar is aspekte van realisme wat noodsaaklik is vir morele insig en analise. Eerstens het albei tradisies plek vir oorlog, maar erken die instrumentele waarde daarvan sowel as die ondergeskiktheid van oorlog aan ander beginsels. Nie een beskou oorlog as 'n primêre of uitdrukkingsaktiwiteit nie en ook nie as 'n entiteit wat nie

[23] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.97.
[24] The ethics of war and peace, pp.3-4, http://plato.stanford.edu/entries/war/

[25] The ethics of war and peace, p.5, http://plato.stanford.edu/entries/war/

onderworpe is aan regverdiging nie. Beide sien dit as aanvaarbaar slegs as ‘n middel om politieke doelstellings te bereik. Hierdie middele (ten minste tipies, indien nie uitsluitlik, in geval van realisme) is spesifiek en afgemeet eerder as algemeen en aanhoudend. Beide tradisies staan die beginsel van beperkte oorlogvoering voor, hoewel die realis se beperkte oorlogvoering slegs op pragmatiese gronde rus. Die beheer van politieke beleid oor oorlog as instrument kan slegs beperking verseker as die beleid self beperkings het. Realiste soos Clausewitz erken dat daar ‘n proporsionele verband is tussen die doelstellings van die oorlog en die manier waarop dit gevoer word. Met ander woorde hoe groter of belangriker die doelstellings van die oorlog is, hoe meer uitgebreid sal dit wees en minder beperkings sal geld. So word ‘n totale oorlog dan geregverdig.[26]

Die verband tussen die twee tradisies is deels metodies. So byvoorbeeld het Vann, ‘n geregverdigde oorlogbeginsel-teoretikus, opgemerk dat die vraag of die gebruik van die een of die ander mag moreel regverdigbaar is, nie slegs ‘n morele vraag is nie.[27] Dit hang van ‘n hele reeks feite en politieke oorwegings af. Morele veroordeling hoort nie plaas te vind nie, maar in praktyk vind dit plaas sonder om feite in ag te neem en in die abstrakte besin. Die toepassing van die geregverdigde oorlogbeginsel is nie ‘n eenrigting proses nie, maar ‘n vraag van feite in verband met beginsels bring asook beginsels in verband met feite bring. Die proses van morele redenering is ewe induktief as deduktief.

Die aanvaarding van empiriese afhanklikheid is duidelik uit die kriteria wat die geregverdigde oorlogbeginsel-teorie gebruik in die analise van oorlog, kriteria wat nie in praktyk gebruik kan word sonder verwysing na feite en sonder die toepassing van politieke of militêre oordeel nie. Wanneer word die punt byvoorbeeld bereik waar oorlog die laaste uitweg is, soos vereis deur die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie as ‘n vereiste vir geregverdigde toetrede

[26] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.100.
[27] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.100.

tot oorlog? Wanneer is die vreedsame prosesse of diplomatieke kanale waarlangs ‘n dispuut opgelos kan word, effektief uitgeput? Hierdie vrae is van ‘n politieke of strategiese eerder as ‘n morele aard maar tog word morele oordeel hierdeur beïnvloed.

Indien daar nie redelike hoop op sukses in ‘n oorlog is nie, is daar volgens die geregverdigde oorlogbeginsel-teoretici nie gronde vir oorlog nie hoe regverdig die rede daarvoor ook al mag wees. Tog is die vooruitsig van sukses, soos die kwessie van die laaste uitweg, slegs bepaalbaar deur sekere feite en deskundige opinie. ‘n Morele beoordeling wat slegs deur suiwer visie en op sterkte van oortuiging en sentiment gedryf word sonder om die feite in ag te neem, is nie veel werd nie en mag onberekenbare skade meebring. In hierdie verband stem realisme en die geregverdigde oorlog- beginsel ooreen. Die realis se veroordeling van moralisme oor laasgenoemde se selfvoldane minagting van die feite en onvermoë om realiteit te erken en inperking van mag vind byval by die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie. Volgens Maritain[28] is politieke hipermoralisme nie beter as politieke amoralisme nie en uiteindelik is dit niks anders as politieke swartgalligheid nie. Net soos in die realisme is die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie bedag op die gevaar daarin om die voer van oorlog totaal ondergeskik aan moraliteit te stel. Om oorlog binne morele grense te hou, moet die morele impuls self onder beheer gehou word. Waar realisme waarskynlik fouteer, is om alle morele ontleding van oorlog as moralisties te sien. Hoewel die geregverdigde oorlogbeginsel-teoretikus die skeptisisme van die realis teenstaan, aanvaar hy dat die etiek van oorlog aan realistiese perspektiewe gekoppel moet wees. Die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie staan dus ‘n morele realisme voor.[29]

Daar is ‘n ambivalente verwantskap tussen die realisme en die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie. Daar is aspekte van die realisme wat nie

---

[28] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.101.
[29] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.101.

vereenselwigbaar is met die etiek van oorlog nie maar daar is tog aspekte daarvan wat van belang is in die etiek van oorlog. In die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie word daarna gestreef om te onderskei tussen die twee en om ‘n balans te vind tussen aanvaarbaar en onaanvaarbaar.[30]

In die militarisme word oorlog nie slegs as ‘n middel om ‘n doel te bereik gesien nie, maar is ‘n vasgestelde entiteit, iets van intrinsieke waarde. Dit is ‘n aktiwiteit waardeur die mens hoogtes kon bereik wat hom ontsê word in ‘n wêreld sonder oorlog. Die militaris is eensydig en oorwinningsbelus in sy siening oor oorlogvoering. Dit impliseer totaliteit en aanspraakbaarheid en onderdrukking en verontmensliking van sy vyand. Die militaris demoniseer en verontmenslik sy vyand ten einde hom totaal te vernietig terwyl daar in die geregverdigde oorlogbeginsel-teorie daarna gestreef word om die teenstander se menslikheid en regte te beskerm wat lei tot diskriminering in die aanwending van geweld teen hom. Die geregverdigde oorlogbeginsel staan meegevoel voor terwyl militarisme roem op genadeloosheid. Die militaris se oorlog is sonder kompromie, ‘n geveg tot die dood, waarvan die enigste oogmerk totale en eensydige oorwinning is. Die enigste vrede aanvaarbaar vir die militaris is totale vernietiging van die vyand of onvoorwaardelike oorgawe. Daarteenoor staan die geregverdigde oorlogbeginsel die erkenning van die regte van die verowerdes sowel as die oorwinnaars voor. Daar is plek vir vergiffenis en versoening.[31]

Die geregverdigde oorlogbeginsel verwerp die morele entoesiasme vir oorlog wat die militarisme gewoonlik openbaar. Laasgenoemde is totaal buite orde gegewe die enorme afmeting van menslike lyding tydens oorlog. Daar moet eerder ‘n onwilligheid en hoogstens ‘n onwillige aanvaarding daarvan as ‘n noodsaaklike euwel wees. Tweedens is morele entoesiasme ‘n oorvereenvoudiging van die morele realiteite van oorlog wat die kompleksiteit daarvan ignoreer en dit reduseer tot ‘n eenvoudige stryd tussen magte van die

---

[30] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.104.
[31] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.105.

duisternis en magte van die lig. Derdens, hoe groter die entoesiasme vir oorlog, hoe makliker word toegetree tot oorlog en hoe feller word dit gevoer. Morele entoesiasme vir oorlog ondermyn dus die pogings om morele beperkings op oorlog te plaas.[32]

Suiwer pasifisme verwerp alle beginsels van die geregverdigde oorlogbeginsel. Die pasifis sien oorlog intrinsiek as ‘n immorele onderneming. Oorlog is ‘n morele gruwel en moet verdoem en totaal verwerp word. Die gedagte dat oorlog vir ‘n sekere morele doel aangewend kan word, is sedeloos. Die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie daarteenoor, aanvaar die potensiële morele dienstigheid van oorlog en verwerp die idee dat fisiese boosheid van oorlog altyd en oral ‘n morele euwel is. Daar is dus nie ‘n oorkoepelende verdoeming van oorlog nie. Die sentrale onderskeid tussen geregverdigde en nie-geregverdigde oorlog impliseer dus dat oorlog nie as ‘n eensydige entiteit gesien moet word nie.[33]

Die ware aard van die geregverdigde oorlogbeginsel moet beklemtoon word om die ware verskil tussen die twee beginsels te verstaan. Volgens die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie is oorlog moreel regverdigbaar, nie slegs in teorie of beginsel nie, maar ook in die werklikheid. Die byvoeging van hierdie element is noodsaaklik, aangesien daar in die pasifisme ‘n beweging is wat ‘n teoretiese regverdiging vir oorlog sal aanvaar maar dan die praktiese uitvoerbaarheid daarvan sal bevraagteken. Iemand wat die hipotetiese morele regulering van oorlog aanvaar maar die morele bepaalbaarheid van werklike oorlog verwerp, huldig eerder ‘n pasifistiese as geregverdigde oorlogbeginsel standpunt. Die geregverdigde oorlogbeginsel geld dus vir werklike oorlog en nie een of ander hipotetiese oorlog nie.[34]

---

[32] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.106.
[33] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.111.

[34] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.112.

Die pasifis redeneer (soos die realis in sommige gevalle) dat, ten spyte van die geregverdigde oorlogbeginsel-teoretici se beste pogings, die moraliteit van oorlog steeds onbepaalbaar bly. Hierdie nuttelose pogings om oorlog moreel te reguleer, lei eerder (volgens die pasifisme) tot die teenoorgestelde waar oorlog bevorder word, deur die kleed van moraliteit wat daarom gehang word. Die geregverdigde oorlogbeginsel se vergeefse pogings deur morele kritiek en regulering van die oorlog het gelei tot die koestering en uitbreiding van die oorlog. Die geskiedenis van die geregverdigde oorlogbeginsel dui ook daarop dat dit onderworpe is aan die staat en sy oorlogsugtigheid.

Hierdie morele teorie is in diens van die staat. Daar sal nooit ‘n nasie op aarde wees wat totaal neutral staan en nie belang stel in die res van die wêreld nie. Ware ongeïnteresseerdheid is ‘n ideal wat selfs nie eers ten volle deur individue bereik kan word nie. Menslike groepe openbaar gewoonlik laer etiese standaarde as individue.[35] Pasifiste wys daarop dat die geregverdigde oorlogbeginsel kriterium van die wettige owerheid en die konserwatiewe of pragmatiese wyse waarop dit altyd toegepas word, die vermoë het om morele kritiek te onderdruk nog voordat dit kan ontstaan. Die vraag van geregverdigde toetrede word in die hande van die staat of sogenaamde politieke deskundiges en die militêre klas gelaat en diegene wat nie insae in staatsake het nie, word verskoon van enige verantwoordelikheid. So is daar gewoonlik min morele beswaar teen enige en selfs blatante immorele oorloë.[36]

Volgens die geregverdigde oorlogbeginsel is ‘n tekortkoming van die pasifisme die gebrek van ‘n morele krag om die wettige en morele instrumentaliteit van die oorlog te erken. By pasifisme word daar nie onderskei tussen “mag” en “geweld” nie. Die vertoon van enige mag of enige geweldsaanwending word as dieselfde beskou. Geweld het ‘n negatiewe morele konnotasie wat wetteloosheid en immoraliteit suggereer, terwyl mag ‘n meer neutrale term is wat wettigheid en

[35] R.B.Miller (ed.), *War in the twentieth century*, p. 14.
[36] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.112.

moraliteit suggereer. In die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie kan die gebruik van mag, hoewel in ‘n uiterste vorm, as ‘n vorm van wetstoepassing gesien word waar sowel internasionale reg as streeksreg ter sprake is. Oorlog is hiervolgens dus altyd instrumenteel tot wetstoepassing, reëlgebonde, ‘n geïnstitusionaliseerde aktiwiteit en nie ‘n toestand van uiterste wetteloosheid waar geen reëls en morele waardes geld nie.[37]

Die pasifisme stel ‘n strategie van non-gewelddadige weerstand voor in gevalle van konflik. Die morele regverdiging hiervoor is dat dit nie beteuelend is en dat dit op morele gronde ‘n meerderwaardige vorm van handeling is en nie deel is van ‘n geweldskultuur nie. ‘n Kritikus soos H. Prosh[38], beskou hierdie as ongegrond. Volgens hom lok non-gewelddadige weerstand juis ‘n gewelddadige reaksie van die teenstander uit. Onder sulke omstandighede is dit naiëf om non-geweldswaardes voor te hou terwyl dit juis ‘n sleutelrol gespeel het in die uitlokking van die geweld. Prosh noem dit selfs ‘n militêre taktiek.[39] Wanneer ‘n sekere handeling begin het of tot konflik oorgegaan is, kan ‘n mens nie te lank wag om te besluit watter moontlike weg ingeslaan moet word nie.[40]

Die verskille tussen die twee tradisies is dus diepgaande maar tog is daar ooreenkomste. Beide beklemtoon die morele primaatskap van vrede bo oorlog. In die geregverdigde oorlogbeginsel is oorlog geregverdig slegs as ‘n instrument tot vrede. Vir die pasifis is hierdie ‘n misplaaste strategie en die morele instrumentaliteit van oorlog word ontken. Desnieteenstaande is die uitkoms van beide tradisies vrede, en vir beide oortref die sluiting van vrede die voer van oorlog.[41]

---

[37] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.114.
[38] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.116.
[39] A.J. Coates, *The ethics of war*, pp. 104-105.
[40] R.B.Miller (ed.), *War in the twentieth century,* p. 6.

[41] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.116.

## 3 DIE GEREGVERDIGDE OORLOGBEGINSEL:

Die meeste van die kriteria wat met die geregverdigde oorlogbeginsel geassosieer word, het ontstaan as gevolg van konflik tussen *prima facie* verpligtinge tydens 'n oorlog en die verplaasde *prima facie* verpligtinge wat ons verbied om ander te beseer of te dood.[42]

'n Geregverdigde oorlog kan slegs gevoer word as 'n laaste uitweg. Alle nie-geweldadige opsies moet uitgeput wees voor gebruik van geweld geregverdig kan word. 'n Geregverdige oorlog is slegs geregverdig as dit deur 'n wettige owerheid gevoer word. Selfs al is daar geldige redes, kan aksies wat deur individue of groepe wat nie gesagstrukture op hulle eie is nie, nie as wettig beskou word nie. 'n Geregverdigde oorlog kan slegs gevoer word om kwaad wat aangerig is, reg te stel. Selfverdediging teen 'n gewapende aanval kan as geregverdig beskou word. 'n Oorlog kan slegs geregverdig wees as dit gevoer word wanneer daar 'n redelike kans op sukses is. Dood en lyding wat volg op die voer van 'n hopelose oorlog, is nie moreel regverdigbaar nie.

Die geweld wat in die oorlog gebruik word, moet proporsioneel wees tot die aanvanklike leed wat aangedoen is. State word verbied om meer geweld as wat nodig is te gebruik om die doelwit, naamlik die regstel van die aanvanklike berokkende skade, reg te stel.

Daar moet in die geregverdigde oorlog onderskei word tussen krygers en burgerlikes. Burgerlikes mag nooit 'n teiken in oorlog wees nie. Alle moontlike maatreëls moet getref word om te verseker dat burgerlikes nie gedood word nie. Die dood van burgerlikes is slegs regverdigbaar as hulle onvermydelike slagoffers van 'n aanval op 'n militêre teiken is.[43]

---

[42] R.B. Miller (ed.), *War in the twentieth century,* p. 357.
[43] Principles of the just war, http://www.mtholyoke.edu/acad/intrel/poll16/justwar.htm

### 3.1 Wettige gesag:

Hoewel hierdie aspek tans kontroversieel is, was die wettige gesag vroeër in beginsel van fundamentele belang. In die belang van vrede beperk die geregverdigde oorlogbeginsel die voer van oorlog deur die vestiging van ‘n sogenaamde openbare eienaarskap van oorlog en die verbod op privaat oorlogvoering.

Wydverspreide privaat oorlogvoering was ‘n ernstige probleem toe die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie nog in sy kinderskoene gestaan het. In die Middeleeuse Europa was mag gefragmenteer en onder die invloed van die Germaanse militaristiese kultuur is oorlog verheerlik en wapengeweld aangemoedig. Dieselfde situasie ontwikkel tans deur die gebruik van wapengeweld deur verskeie self-saamgestelde revolusionêre bewegings. Om daarop aan te dring dat die bevolking alleenreg oor die gebruik van geweld het, is ‘n fundamentele stap in enige proses van die vredemaking. Die vasstelling van die monopolie is ‘n voorvereiste vir ‘n beskaafde samelewing.[44]

Die tradisionele kriterium vir ‘n wettige owerheid was ‘n definitiewe beginsel. Die heilige Thomas Aquinas het byvoorbeeld daarop aangedring dat die keiser onder wie ‘n oorlog gevoer word, die gesag moet hê om dit te doen en dat ‘n private persoon nie die reg het om oorlog te voer nie.[45] In die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie word oorlog gesien as ‘n wetsinstrument, deel van ‘n oorredingsmag wat ‘n onontbeerlike onderdeel van die wet self is. In ‘n staat is hierdie wetstoepassingsmag opgedra aan ‘n regering namens die politieke gemeenskap waaroor hy regeer.[46] Dieselfde geld vir internasionale betrekkinge.

---

[44] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.125.
[45] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.126.
[46] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.126.

Wettige gesag moet nie as vanselfsprekend aanvaar word nie. Die staat se reg tot oorlogvoering spruit uit sy *de facto* of beteuelende soewereiniteit. Vir die staat om gesaghebbend voor te kom, moet sy oorlogsdaad 'n openbare (algemeen van nature) en wettige voorkoms of karakter hê van sowel 'n interne as eksterne oogpunt.[47]

### 3.2 Grondige rede:

Tradisioneel is 'n grondige rede beskou as die enkele belangrikste morele basis vir oorlogvoering. Die eensydige oordrewe klem op grondige rede mag lei tot 'n morele triomftog en morele entoesiasme vir oorlog wat 'n geregverdigde oorlog kan omskep in 'n heilige of kruisvaartoorlog wat dan meer in gemeen het met die militarisme as met die geregverdigde oorlog- beginsel. Die absolute oortuiging dat hulle geregverdig is (en dat die vyand die verpersoonliking van die bose is) mag krygers aanhits om die morele beperkinge van oorlog oor boord te gooi of om ander morele oorwegings, byvoorbeeld die koste van oorlog en die vergieting van onskuldige bloed af te skeep.[48]

'n Grondige rede is nodig, maar dit is nie 'n genoegsame voorwaarde vir geregverdigde toetrede tot oorlog nie. Selfs al is die rede sekerlik geregverdig, mag dit soms nie swaar genoeg weeg om so 'n drastiese en duur stap soos oorlog te oorweeg nie. Daar mag ook ander maniere wees om die probleem aan te spreek wat nog nie genoegsaam aangewend is nie of die kans op sukses mag so skraal wees dat dit die toetrede tot oorlog kan uitskakel.[49]

Dit is nodig om te bepaal watter rol die idee van sogenaamde bilaterale geregtigheid in die geregverdigde oorlogbeginsel-filosofie speel. Ten aanvang moet 'n onderskeid getref word tussen objektiewe en subjektiewe geregtigheid.

[47] A.J. Coates, *The ethics of war*, p.127.
[48] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.146.

[49] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.147.

Objektief verwys na die ware of werklike toedrag van sake terwyl subjektiewe geregtigheid verwys na die verskillende opvattings of gedagtegang van die oorlogvoerende partye waar elkeen dan oortuig sal wees dat sy rede vir oorlog geregverdig is.[50]

Uit 'n subjektiewe oogpunt kan bilaterale geregtigheid wel inpas met geregverdigde oorlogbeginsel-filosofie, maar geld dieselfde in die objektiewe sin? Kan daar met ander woorde regverdiging wees vir 'n oorlog as geregtigheid waarlik bilateraal is? In 'n geregverdigde oorlog, volgens Vitoria, 'n sestiende-eeuse geregverdigde oorlogbeginsel-teoretikus, mag beide partye wel in goeder trou optree maar slegs by een kan geregtigheid waarlik gefundeer word. As altwee kante waarlik in die objektiewe en subjektiewe sin aanspraak kan maak op geregtigheid, kan daar nie regverdiging vir enige party vir die toetrede tot oorlog wees nie.[51]

Tradisioneel speel die idee van selfverdediging 'n groot rol in die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie. Dit is nie net selfverdediging self wat belangrik is in die oorweging nie maar ook die politiek en waardes van die gemeenskap wat hom tot oorlog wend. 'n Verdedigingsoorlog kan nie *ipso facto* geregverdig word nie. Dit hang af wat verdedig word. So byvoorbeeld kan die verdediging van 'n immorele staat nie geregverdig word nie.[52]

Grondige rede as kriterium is egter debatteerbaar en kan in dispuut geplaas word. Dit is duidelik dat daar nie 'n akkurate manier is waarop dit gemeet kan word nie.[53]

---

[50] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.148.
[51] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.150.
[52] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.157.
[53] J.A. Barry, *The sword of justice,* p. 177.

## 3.3 Proporsionaliteit en die toetrede tot oorlog:

Regverdiging vir oorlog en die bestaan van wettige gesag, regverdig nie op sigself die toetrede tot oorlog nie. Proporsionaliteit as maatstaf vereis dat voornemende krygers moet besin of oorlog 'n toepaslike reaksie is vir die leed of potensiële leed aangedoen. In hierdie tipe morele dilemma moet daar 'n tipe simmetrie behoue bly tussen die voorgestelde aksie of verloop en die einddoel. Wanneer hierdie simmetrie afwesig is, is die negatiwiteit van die middele tot die doel groter as die positiwiteit van die einddoel en dit gee aanleiding tot morele twyfel. So byvoorbeeld pas iemand wat glo dat aborsie geregverdig is indien dit toegepas word om die moeder se lewe te red maar onaanvaarbaar is as dit vir byvoorbeeld om ekonomiese redes uitgevoer word, 'n vorm van proporsionalitieit toe.[54]

In sy eenvoudigste vorm is die vraag aangaande proporsionaliteit wat beantwoord moet word die volgende: is hierdie geregverdigde oorlog werd om geveg te word? O'Brien het 'n paar vereistes daargestel:

- Daar moet regverdiging wees wat belangrik genoeg is om verdedig te word deur gebruik te maak van wapengeweld.
- Die waarskynlike voordeel wat geput sal word uit die suksesvolle gebruik van wapengeweld moet groter wees as die moontlike kwaad wat die oorlog sal aanrig.
- Die berekening van proporsionaliteit (verhouding) tussen waarskynlike goed en kwaad moet gedoen word inaggenome alle betrokkenes, betrekte neutrale persone/lande, en die internasionale gemeenskap.
- Hierde berekening moet gemaak word in die lig van realistiese ramings van die moontlikheid van sukses.[55]

[54] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.167.
[55] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 168.

Probleme met die toepassing van die kriterium proporsionaliteit spruit uit die veranderlike elemente daarin vervat. So 'n veranderlike is byvoorbeeld die vraag wat genoegsame rede is vir oorlogvoering. Daar is ook nie 'n gegewe of natuurlike verhouding tussen regverdiging en oorlog nie en daar kan ook nie sonder meer bepaal word watter aard van skade berokken, genoegsaam is om die proporsionaliteit van oorlog te waarborg wat ook al die aard en omvang daarvan mag wees nie.[56]

Die manier waarop proporsionaliteit gemeet word, kan betwis word deur beide dié wat ander waardes onder sekere omstandighede aanhang as dié wat dit beskou as 'n losse vorm van utilitarisme. Dit is dus ook nie werklik meetbaar nie.[57]

### 3.4 Laaste uitweg:

Die laaste uitweg as kriterium vir die geregverdigde oorlogbeginsel onderstreep die ondergeskiktheid van oorlog aan vrede. Gegewe die verskrikking van oorlog, moreel en fisies, moet 'n geregverdigde toetrede tot oorlog gekenmerk word deur uiterste onwilligheid daartoe sowel as 'n gevoel van morele tragedie en vooruitskouing. 'n Haastige toetrede tot oorlog is 'n ongegronde toetrede tot oorlog.[58]

Tydsverloop kan egter baie belangrik wees. Die effek daarvan kan wees om 'n defensiewe daad in 'n offensiewe daad of aggressiewe daad om te skakel. Dit mag later lyk of die benadeelde party die inisieerder van vyandelikhede was en die vrede versteur het.[59]

---

[56] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 169.
[57] J.A. Barry, *The sword of justice*, p. 177.
[58] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 189.
[59] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 195.

### 3.5 Proporsionaliteit en die voer van oorlog:

In die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie is die spesifieke vereistes vir geregverdigde oorlogvoering proporsionaliteit en immuniteit van non-krygers. Hier ter sprake is die regverdiging vir die spesifieke manier waarop oorlog gevoer word, met ander woorde die proporsionaliteit van die middele eerder as die doel of uitkoms. Van die krygers word dus verwag om net soveel mag aan te wend as wat nodig is om ‘n wettige militêre doelwit te bereik en in verhouding tot die belang van die teikens. Wanneer die kriterium van proporsionaliteit toegepas word, moet die militêre teiken as ’n strategiese en nie slegs as ‘n taktiese entiteit gesien word nie. So mag ‘n sekere aspek van ‘n oorlog in isolasie gesien, wreed en oordadig voorkom, maar tog proporsioneel en derhalwe geregverdig teen die agtergrond van die groter doelwit naamlik om die militêre vermoë van die vyand te vernietig en die oorlog te wen.[60]

Die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie vereis dat morele analise in verhouding moet staan tot ‘n ware bewustheid van militêre en politieke realiteite. In die toepassing van die kriterium van proporsionaliteit moet militêre doelwitte uit sowel ‘n strategiese as ‘n taktiese oogpunt gesien word.[61]

Slagveldbevelvoerders is miskien kwytgeskeld van verantwoordelikheid wat die oorkoepelende militêre strategie betref. Dit geld egter nie vir die lewer van die veldslag nie. Dit is die bevelvoerder se verantwoordelikheid en die manier waarop hy veg, behoort te getuig van agting vir menslike lewe.[62]

Die probleme in die toepassing van die kriterium van proporsionaliteit moet erken word. Die toepassing daarvan hang af van die militêre beoordeling wat, hoe deskundig ookal, tog nie heeltemal voorspelbaar is nie. Militêre operasies wat

---

[60] A.J.Coates, *The ethics of war,* p.209.
[61] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.209.
[62] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.215.

prospektief geregverdig kan word op grond van proporsionaliteit, kan retrospektief erg uit verhouding voorkom.[63]

Die morele regverdiging van 'n uitputtingsoorlog, waar dit deel is van die totale strategie, is moeilik moreel regverdigbaar. Hierdie vorm van oorlog het die grootskaalse verkwisting van mannekrag en middele ten doel. Hier is oorlog dus gedehumaniseer en eerder geïndustrialiseer waar onderskeid tussen mens en materiaal sistematies verdwyn.[64]

Agter die kriterium van proporsionaliteit, soos in die geregverdigde oorlog-beginsel filosofie as 'n geheel, lê 'n basiese respek vir lewe wat aangemoedig moet word by alle betrokke partye. Dit vereis ekonomiese gebruik van geweld. Aanvoerders mag dus nie die lewens van hulle soldate verkwis op relatief onbelanrike of onbekombare militêre doelwitte nie. Daar mag ook nie onnodige of ongevraagde leed aan die teenstander aangedoen word nie. Medelye is beide 'n militêre en siviele deug. Wat hierdie medelye teweeg- bring is die menslikheid van die krygers sowel as burgerlikes wat vasgevang is in gevegte. Daarteenoor lei die wrede voer van oorlog deur mense wat nie die koste in menslike lyding in ag neem nie tot die verwaarlosing van die beginsel van proporsionaliteit.[65]

### 3.6 Immuniteit van nie-krygers:

Hierdie beginsel verwys na die diskriminasie tussen krygers en nie-krygers in oorlogstyd. Dit verbied die opsetlike aanval van burgerlikes.[66] Tradisioneel word daar ook onderskeid getref op grond van die morele beletsel op die neem van 'n onskuldige lewe. Die vraag onstaan wat is onskuld in hierdie verband? Is die kryger skuldig en die siviele persoon onskuldig? 'n Probleem ontstaan egter waar 'n veglustige vader wat te oud is om te veg van sy vredeliewende seun

---

[63] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.219.
[64] A.J. Coates, *The ethics of war,* p.220.
[65] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 227.

verwag om te gaan veg. As morele skuld of verlies van onskuld lei tot ‘n verlies van immuniteit teen ‘n aanval, kan die oorlogsugtige burgerlike as ‘n meer wettige teiken beskou word as ‘n onwillige dienspligtige. Net so, in die afwesigheid van persoonlike of subjektiewe morele skuld waar immuniteit behou word, sal dit onmoontlik wees om ‘n geregverdigde oorlog te voer teen ‘n onregverdige aggressor wat in goeder trou optree.[67]

Morele skuld of onskuld kan net bepaal word met verwysing na die oogmerke, geestestoestand en subjektiewe instelling van die individu. Daarom kan hierdie onderskeid tussen skuld en onskuld nie gebruik word om te onderskei tussen wettige en onwettige krygsdoelwitte nie. Die persoonlike skuld of onskuld van dié wat hulle aanval, is nie ‘n oorweging by die krygers nie.[68]

Sekere kategorieë van die bevolking word gewoonlik as nie-krygers beskou naamlik die baie jonges, die baie oues, die siekes en almal met ‘n onvermoë om aan gevegte deel te neem of ondersteuningsdienste te onderhou.[69] Almal wat betrokke is by ‘n oorlogspoging kan as krygers beskou word. Dit sluit soldate sowel as dié wat in oorlog-verwante industrieë werk, in.[70]

Die beginsel van immuniteit van nie-krygers staan sentraal in die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie. Daarsonder sou die geregverdigde oorlogbeginsel-teorie baie van sy geloofwaardigheid verloor. ‘n Teorie wat oorlog as ‘n instrument van geregtigheid sien, kan nie die miskenning van die regte van nie-krygers goedkeur nie.[71]

Die geregverdigde oorlogtradisie moet egter voortdurend ontwikkel, soos sedert die tyd van Augustinus, om deur beleidmakers gebruik te kan word. Deur die

---

[66] R.B. Miller (ed.), *War in the twentieth century*, p. xv.
[67] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 234.
[68] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 234.
[69] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 237.
[70] R.B. Miller (ed.), *War in the twentieth century,* p. xv.
[71] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 263.

eeue het kenners van die tradisie hulle siening aangepas, ander antwoorde gesoek en nuwe velde betree wat ondersoek moet word. Hierdie aanpassings is beïnvloed deur die verandering in die internasionale sisteem.[72]

[72] J.A. Barry, *The sword of justice*, p. 179.

## 4 ETIESE OORWEGING VAN DE WET SE ROL IN DIE ANGLO-BOEREOORLOG 1899-1902 TYDENS DIE STELLINGKRYGFASE:

In die volgende hoofstukke sal gepoog word om die rol van genl C. R. de Wet, hoofkommandant van die Oranje-Vrystaat, te ontleed aan die hand van beginsels soos in afdeling 3 hierbo en veral met verwysing na die geregverdigde oorlog-beginsel. In hierdie ontleding gaan slegs oorweeg word hoe De Wet as kryger en aanvoerder inpas by die beginsels ten opsigte van die vyand, ondergeskiktes en burgerlikes. Hierdie is nie ‘n poging tot morele beoordeling nie. So ‘n kritiese beoordeling sou beter inpas by ‘n suiwer werkstuk oor etiek met geskiedkundige feite ter illustrasie terwyl hier gepoog word om ‘n ewewig tussen historiese feite en die filosofie van etiek te handhaaf.

Die oorlog is in die eerste vyf maande deur ‘n konvensionele stellingkryg gekenmerk.[73] De Wet is volgens die Kommandowet opgeroep vir krysdiens. Hy het as gewone burger op kommando gegaan en sy drie seuns, Kotie, Isak en Christiaan met hom saamgeneem.[74] De Wet het hier, aan die begin van die oorlog, gehoor gee aan ‘n wettige oproep tot krygdiens soos bepaal deur ‘n wettige owerheid. Reeds kort na die uitbreek van die oorlog, in Oktober 1899, is De Wet beveel om as waarnemende kommandant van die Heilbronners op te tree.[75]

Vanuit hierdie perspektief, waar De Wet as leier begin optree het, sal sy rol en die etiek daarvan nou verder ontleed word.

---

[73] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 13.
[74] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 22.

[75] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 25.

**4.1 Vyand:**

Reeds kort nadat De Wet as waarnemende kommandant oorgeneem het, het hy krygstaktiek en insig geopenbaar wat belangrik is met verwysing na die beginsels van proporsionaliteit en die geregverdigde voer van oorlog. Hy meld dat hulle nie daarin kon slaag om die vyand wat te Dundee en Elandslaagte was, af te sny nie. Hy kon die rede daarvoor nie vasstel nie aangesien hy, soos hy dit stel, net 'n waarnemende kommandant was wat nie beveel het nie maar net bevele uitgevoer het. Die leser kan De Wet se teleurstelling as 't ware aanvoel as hy opmerk dat as hulle maar 'n bietjie vinniger was, hulle hierdie vlugtendes sou kon voorlê en 'n goeie slag sou kon lewer.[76]

De Wet verwys hier spesifiek na vlugtendes en bedoel met 'n "goeie slag" natuurlik 'n oorwinning vir die Boeremagte. Die vraag kan gevra word of dit aanvaarbaar is om vlugtendes voor te lê en aan te val. Om die saak uit te pluis, is dit nodig om nie net morele waardes nie maar die beginsel van proporsionaliteit van die geregverdigde oorlogbeginsel toe te pas. In die omstandighede moet in ag geneem word dat die Boeremagte 'n bewese agterstand oor die algemeen gehad het met betrekking tot mannekrag en krygsmiddele ten opsigte van die Britse magte. De Wet het dit terdeë besef en wou dat dié geleentheid om die vyand 'n slag toe te dien, gebruik word. Die vraag onstaan of daar 'n beletsel is op militêre operasies teen vlugtende krygers. In antwoord kan daar eerstens gestel word dat vlug of terugval deel kan uitmaak van 'n militêre operasie en takties van aard kan wees. Tweedens was die terugvallende Britse soldate steeds ten volle bewapen en in staat om hulleself te verdedig. Verder het De Wet in hierdie geval voorsien dat die Britse magte met dié in Ladysmith sou verenig en, dat die Boeremagte dan 'n aanval van hulle te wagte kon wees.[77]

---

[76] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 25.
[77] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit*, p. 25.

Proporsionaliteit in die voer van oorlog is hier ter sprake en dit sou beter gewees het om 'n kleiner mag aan te val en te verhoed dat hulle verenig met 'n ander om sodoende 'n latere groter slag met groter lewensverlies moontlik te kon vermy.

Wat De Wet voorsien het, het inderdaad gebeur. Dat die Boere toe met 'n oormag te doen gehad het, is 'n gegewe. Hulle het een kanon tot hulle beskikking gehad teen drie batterye van die vyand. [78]Die Britse troepe was ook in digte massas byeengebondel.[79] Dit will voorkom of De Wet, in vergelyking met sy latere rol in die oorlog, hier nie 'n leidende rol gespeel het nie. Die rede is waarskynlik, soos reeds gemeld, die feit dat hy op dié tydstip waarnemende kommandant was en slegs bevele uitgevoer het.

Met die geveg by Nicholsonsnek op 30 Oktober 1899 kom enkele morele punte ter sprake. Hier beskryf De Wet ook vir die eerste maal dat hy bevel gegee het vir sekere aksies. In 'n skermutseling is gemerk dat 'n paar vlae (waarskynlik wit vlae) in die vyand se linkervleuel opgesteek is en die skietery vandaar het afgeneem. In ooreenstemming met die beginsel van geregverdigde voer van oorlog, het De Wet opdrag gegee om vuur te staak en hulle het na die vyand begin beweeg. Die vyand het hierna weer op hulle losgebrand en hulle het toe feller as voorheen teruggeskiet waarna daar toe oral wit vlaggies deur die vyand opgesteek is. De Wet openbaar begrip vir die vyand se optrede deurdat hy aanvaar dat die oostelike vleuel van die vyand nie bewus was van wat in die westelike vleuel aangaan nie.[80]

Na die geveg kom die beginsel van proporsionaliteit ter sprake. Daar is gevind dat die artilleriestukke wat gebuit is, onklaar was en dus nie teen die Boere aangewend is nie. De Wet meld self dat dit tot die Boere se voordeel was en dat die vyand, wat dit betref, op gelyke voet met hulle gestaan het, want hulle was

[78] M.C.E.van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 26.
[79] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, I, p. 243.
[80] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 32.

ook met niks anders as gewere gewapen nie. In dieselfde asem meld hy egter dat die Britte die voordeel gehad het om hulle in stellings te bevind en dat hulle getallegewys vyf keer soveel as die Boere getel het.[81]

Die morele aspek van behandeling van krygsgevangenes en medelye met die vyand kom ook na die geveg by Nicholsonsnek ter sprake. De Wet meld dat hy die lyding van die gewondes baie ter harte geneem het. Hy het sy burgers beveel om hulle na skaduwee te bring. Verder moes hulle vir hulle water uit die kannetjies van die ander krygsgevangenes gee. Hy sou ook toelaat dat hulle eie dokters na hulle omsien. Verder het hy 'n boodskap aan sir George White, die Britse bevelvoerder in Natal, gestuur om 'n ambulans beskikbaar te stel om die gewondes te kom haal en die dooies te begrawe.[82]

De Wet se respek vir die vyand word ook weerspieël in sy verwysing na die vernieling van die Boere-vestingkanon wat op Gun Hill gestaan het. Hierdie kanon het dit vir die Britte besonder lastig gemaak. Maj D. Henderson, adjunk-assistant adjudant-generaal vir inligting op White se staf, het van laasgenoemde vergunning gevra om hierdie kanon met vyftig man te gaan verniel. White het op 7 Desember 1899, op aandrang van genl A. Hunter, toegestem dat Hunter so 'n ekspedisie onderneem.[83] Hierdie operasie het suksesvol vir die Britte afgeloop. Na afloop van hierdie gebeure meld De Wet dat aan hulle dapperes en hulle aanvoerders alle lof toegeswaai moet word.[84]

De Wet het ook agting gehad vir wat hy noem die Britte se krygslis. Die hele situasie aan die wesfront en Magersfontein was vir De Wet 'n irritasie. Hy het voorsien dat dit die vyand pas dat hulle daar ingegrawe lê terwyl die vyand

[81] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 33.
[82] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 33.
[83] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902*, II, p. 438.

[84] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 38.

beplan om met 'n groot mag om hulle te beweeg. De Wet (en ook sy kollega van Transvaal genl J.H. de la Rey) se versoeke om pro-aktief op te tree en meer manskappe te bekom, is deur genl P.A. Cronjé, bevelvoerder van die Boeremagte in dìe gebied, afgewys. Hierdeur wou De Wet optree voor die Britse krygsplan ten volle ontvou is, met ander woorde voor hulle 'n werklike oormag gehad het. Wat De Wet voorsien het, het begin gebeur toe 'n groot mag van berede troepe uit die Britse kampe by Modderrivier na Koedoesberg getrek het. De Wet is deur Cronjé beveel om die Britse opmars met slegs 350 man te stuit. Dit skyn heeltemal buite verhouding te wees teenoor die oënskynlike vyandelike oormag. De Wet is self deeglik bewus van hierdie wanverhouding deurdat hy besef dat hy met slegs 350 man nie nader aan die sterk vyandelike stellings durf gaan nie. Onder hierdie omstandighede het hy versterkings van Cronjé aangevra, maar hy meld dat slegs 'n klein getal manskappe en twee kanonne by hulle opgedaag het.[85] Hierdie situasie van wanverhouding het voortgeduur en De Wet beskryf later dat hy hom in 'n situasie bevind het waar hy net 36 man tot sy beskikking gehad het, omdat die res van sy manskappe in posisies nader aan die vyand opgestel was. Hy beskryf hoe hy en hierdie paar burgers nie 'n ander keuse gehad het in die situasie waarin hulle hulle bevind het as om op die vyand af te storm nie. Daar is 'n geweldige geweervuur op hulle neergebring. Hulle het ongeveer 'n kwartier teruggevuur op die vyand totdat, en dit is duidelik dat dit vir hulle 'n uitkoms was, die son ondergegaan het. Hierdie sonsondergang teken de Wet met 'n uitroep aan![86]

Die situasie van wanproporsie bly De Wet by en hy skat die vyand se sterkte kort voor die gebeure by Paardeberg op tussen veertig- en vyftigduisend man. Op grond hiervan het hy Cronjé raad gegee om met sy laer pad te gee. Cronjé se houding was onverbiddelik en hy het laat weet dat hulle "die goed moet doodskiet en die ander moet vang". Uit 'n moderne oogpunt word hierdie

---

[85] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 47.
[86] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 48.

houding gesien as domastrantheid,[87] maar getrou aan die militêre etiek beskou De Wet dit nie so nie. Hy teken aan dat hy die grootste respek vir Cronjé het en dat Cronjé 'n held was wat nie geweet het wat dit was om sy vyand te vrees nie.

In 'n poging om die situasie van wanverhouding wat getallesterktes betref op 'n ander wyse aan te spreek, was De Wet vasbeslote om 'n voorrade-konvooi van die vyand af te neem. Hy het geweet dit sou sake vir lord Roberts, Britse opperbevelvoerder, erg bemoeilik as hy die konvooi afneem. Hy beskryf 'n geveg en meld dat hy taamlik tevrede met die buit was. Enkele Britse soldate is ook krygsgevange geneem.[88]

Tydens die tog na Paardeberg teken de Wet 'n insident aan waar hulle verkenners 'n geïsoleerde vyftig- of sestigtal Engelse troepe gewaar het. Nou was die getalleverhouding, in hierdie bepaalde situasie, relatief omgekeer. De Wet se optrede is belangwekkend, en weerspieël die beginsel van die toepaslike gebruik van mag in geregverdigde oorlogvoering. In plaas daarvan om hulle aan te val met sy relatiewe oormag, gee hy hulle kans om oor te gee. Hy maak dit wel duidelik dat hy geweld sou gebruik as hulle nie oorgee nie en hy maak seker dat die Britse rapportryer die kanon sien wat hy tot sy beskikking het. Hierdie groep Britse troepe is toe gevange geneem.[89] Hier bewys De Wet sy vermoë om die regte mate van geweld (in dié geval slegs verbale geweld) onder die regte omstandighede te gebruik wat 'n basiese beginsel is van geregverdigde oorlogvoering.

Met die vaskeer van Cronjé se laer by Paardeberg deur Roberts se magte het De Wet besef dat hier 'n potensiële ramp dreig. Die wanverhouding beginsel word hier duidelik geïllustreer en De Wet verwys met ontsteltenis na Cronjé se

---

[87] L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het,* p. 61.
[88] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 51.
[89] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.53.

omsingelde laer. In De Wet se woorde was hy en sy burgers 'n handjievol teenoor 'n vreeslike oormag.[90]

Ten einde iets aan hierdie ongebalanseerde situasie te doen, het De Wet besluit om die Britte onmiddellik aan te val. Hy maak ook melding van die geweldige artillerie bombardement op Cronjé se laer. Daarteenoor noem hy die feit dat hy slegs 'n Maxim-Nordenfeldt en 'n Krupp tot sy beskikking gehad het. Boonop het hulle probleme gehad om die artilleriestukke op te stel, aangesien die omgewing baie klipperig was. Daar moes dus eers 'n pad gemaak word en De Wet het terselfdertyd gedink daar moet kanonforte gebou word om hulle twee stukke so goed as moontlike te verskans teen die oormag Britse artillerie, aangesien hy voorsien het dat hulle swaar deur die Britte gebombardeer sal word. Om die wanverhouding in artilleriebewapening verder te aksentueer, het die Boere ook 'n tekort aan ammunisie gehad en kon dus nie na willekeur vuur nie.[91] Daar is egter wel daarin geslaag om 'n ontsnappingsroete vir Cronjé en sy burgers te bewerkstellig. Dit sou egter beteken dat Cronjé sy laer moes agterlaat en hy het dit nie gedoen nie. Dit was vir De Wet 'n teleurstelling.[92]

De Wet het besef dat die verlies van Cronjé en sy manskappe vir die Boeremagte 'n nekslag sou wees.[93] Dit sou die wanverhouding in mannekrag wat reeds bestaan het net verder tot nadeel van die Republikeinse magte swaai. Hy het dus 'n plan bedink om Cronjé en sy burgers te ontset. Die plan het hy deur middel van die verkenner, Danie Theron, aan Cronjé meegedeel. Cronjé en sy burgers moes die laer agterlaat en vegtend na 'n afgespreekte punt beweeg waar De Wet en sy burgers hulle sou ontmoet en voorkom dat die Britte hulle agtervolg. Tot De Wet se uiterste teleurstelling het Cronjé nie op die afgespreekte tyd en plek opgedaag nie. De Wet meld dat Cronjé op dieselfde

---

[90] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 57.
[91] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 58.
[92] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 60.
[93] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 63.

dag oorgegee het. Hy skryf in sy herinneringskrif dat hy bitter teleurgesteld was oor dié gebeurtenis asook sy eie vergeefse poging.[94]

Hoewel die verlies van die groot aantal burgers onder Cronjé 'n geweldige slag vir die Republikeinse magte was wat mannekrag betref, moet die sielkundige uitwerking daarvan ook deeglik na waarde geag word. Die psigiese uitwerking hiervan was oorweldigend. In De Wet se eie woorde word dit uitgedruk dat as 'n man soos Cronjé, wat die hoogste geroem is, gevange geneem word, hoe sou die gewone burger nog die moed hê om te volhard?[95]

### 4.2 Ondergeskiktes:

Hier word spesifiek gekyk na die bevelvoerder se optrede teenoor sy ondergeskiktes en hoe hy hulle belange op die hart dra.

In aansluiting met die voorgenoemde, is dit noodsaaklik dat daar in die toepassing van die geregverdigde oorlogbeginsel, met spesifieke verwysing na die geregverdigde wyse van die voer van oorlog, na die belange en behoeftes van ondergeskiktes omgesien word. Wanneer hierdie belange verwaarloos word, kan daar kwalik meer gepraat word van geregverdigde oorlogvoering.

Reeds na die gevegte te Modderspruit in Oktober 1899 meld De Wet dat hulle eie verliese hulle baie ter harte gegaan het maar dat geen burger of offisier neerslagtig geraak het nie.[96]

Verder het De Wet dit goedgekeur dat hulle na hierdie geveg nie toegelaat is om die Britse mag agterna te jaag nie. Die rede was dat hulle mag te swak was.[97]

---

[94] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 64.
[95] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 64.
[96] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 26.
[97] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 27.

So ‘n operasie sou dus nie die gewenste uitwerking gehad het nie en sou onnodige verlies aan lewens van burgers teweeg gebring het.

Die agting wat De Wet vir sy eie burgers se behoeftes gehad het, blyk reeds na die slag van Nicholsonsnek aan die Natalse front op 30 Oktober 1899. Hoewel daar ontevredenheid te bespeur is waar hy van nalatigheid van kmdt Coen Nel van Kroonstad praat en ook verwys na burgers wat nie eintlik wil veg nie maar tydens ‘n geveg die eerste en beste skuiling opsoek, is daar tog deernis in die wyse waarop hy hierna die terugkeer na die laer beskryf. Die manskappe het daardie dag niks te ete gehad nie. De Wet skryf dat ‘n mens kan dink watter genot dit vir hulle was om die bontspanne op die spit te braai. Saam met ‘n stormjaer of drie en ‘n beker koffie het hulle weer tot hulle vorige staat herstel. Hulle is daardie nag van brandwag en gewone nagdiens verskoon en het na die vermoeienis van die dag hul slaaprus terdeë geniet.[98]

Die beleëring van Ladysmith was vir De Wet onbevredigend. Daar kon, volgens hom, niks uitgerig word nie behalwe om mekaar met grofgeskut te bestook. Stormenderwys kon hulle ook nie optree nie, want as hulle hulle posisies sou verlaat om vorentoe te beweeg, sou hulle heeltemal aan die vyandelike artillerie blootgestel wees.[99] Hier blyk die konservering van die lewens van die manskappe die deurslag te gee. De Wet meld ook telkens, soos hier, hulle verliese asook sommige name. Hier noem hy spesifiek vir veldkornet Marthinus Els van Heilbron, wat hy ongetwyfeld geken het, wat gewond is.[100]

Daar kan afgelei word dat dit werklik vir De Wet geraak het, en dat hy die burgers as mense en elk as ‘n individu gerespekteer het, veral as ‘n mens in ag neem dat hy hierdie gebeure eers heelwat later, na die oorlog geboekstaaf het.

---

[98] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 34.
[99] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 38.
[100] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 38.

Kritiek vir sy volksgenote en ondergeskiktes is ook nie gespaar nie. Met die beskadiging van die Transvaalse Long Tom wat op Gun Hill[101] gestaan het, kritiseer De Wet sy eie mense se tekortkominge. 'n Britse patrollie het die stelling in die nag bekruip en die Boere verras. Hulle was reeds naby die kruin toe 'n Boere-brandwag hulle gewaar. Sy makkers was klaarblyklik aan die slaap maar het, nadat hulle ontwaak het, wild en wakker teen die helling begin afskiet.

'n Paar Britte het wel die vuur beantwoord maar hulle is deur hulle offisiere gestop. Die oorblufte Boere is verder verskrik deur die Britse bevel om bajonette te bevestig. Die troepe wat geen bajonette gedra het nie, het liggies met die geweerkolwe teen klippe gestamp om die indruk te skep dat hulle bajonette bevestig. Dit het die Boere wat nog op die kruin was met soveel skrik vervul dat hulle sonder verdere weerstand gevlug het.[102] Die Britte kon nou ongehinderd die kanon verniel. Volgens De Wet sou die stormparty egter kaal daarvan afgekom het as die Boere op hulle hoede was. Hulle was egter nie en die voorval het hulle 'n les geleer om meer waaksaam te wees. De Wet sien ook die positiewe in hierdie verlies daarin dat die Transvaalse offisiere nou strenger opgetree het en dat die gebeure 'n goeie uitwerking op die kommando's sowel as die artilleriste gehad het.[103]

Dit is duidelik dat De Wet eerder self 'n ondergeskikte wou wees as om ondergeskiktes onder hom te hê. Nadat hy 'n telegram van president M. T. Steyn van die Oranje-Vrystaat ontvang het, wat hom gevra het om as veggeneraal na die westelike grens te gaan, het hy die president getelegrafeer met die versoek om tyd gegun te word om die saak te oordink aangesien dit sy wens was om slegs as gewone burger sy plig in die oorlog te doen. Hy het daarna 'n telegram terug ontvang van A. Fischer, lid van die Uitvoerende Raad,

---

[101] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, II, 438.
[102] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, II, pp. 439-440.
[103] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 38.

wat daarop aangedring het dat hy die aanstelling aanvaar. De Wet meld dat hy hom hoog geag het.[104]

Hoewel De Wet bedruk gevoel het, want dit blyk dat hy 'n besondere affiniteit vir die Heilbronkommando gehad het, het hy nie dat sy gevoel hom oorweldig nie en hy het besluit om na die wesfront te vertrek.[105]

In bogenoemde word die beginsel van wettige gesag geïllustreer. De Wet aanvaar, hoewel hy tog 'n teenversoek rig, die wettige gesag van sy regering en voer die opdrag van sy regering uit. Sy affiniteit vir die Heilbronse kommando blyk uit die feit dat hy hulle voor sy vertrek toegespreek het oor die genoeglike tyd wat hy onder hulle geniet het. Verder het hy ook toestemming van kmdt Lucas Steenkamp gekry om veertien man van die kommando, wat sy kamerade was, met hom saam te neem.[106]

De Wet het eers nadat die slag van Magersfontein plaasgevind het op die wesfront aangekom. Daar was nou, volgens hom, nie veel daar te doen nie. Hy meld nogtans dat dit wat hom wel te doen gestaan het, uitputtend was. Hy het naamlik die Vrystaatse burgers georganiseer en het ook Transvalers onder sy bevel gehad. Hy moes daagliks sowat 24 kilometer te perd aflê om die linies te besoek. Dit het hy uitputtend en waarskynlik ook frustrerend gevind. Daar is ongeduld in sy skryfstyl te bespeur as hy uitwei oor die verskillende klagtes van die offisiere. Sommige van hierdie klagtes was so nietig dat dit volgens hom nie eers die moeite werd was om te vermeld nie.[107]

Proporsionaliteit kom weer ter sprake in die aanloop tot die gebeure te Paardeberg. De Wet meld dat die Britse krygslis naamlik omsingeling wat hy voorsien het, 'n aanvang geneem het toe 'n sterk mag berede troepe uit die

[104] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 41.
[105] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 41.
[106] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 41.
[107] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp. 42-43.

Britse kampe by Modderrivier na Koedoesberg getrek het. Cronjé het De Wet bevel gegee om met 350 man die Engelse in hul gang te stuit. De Wet kon voorsien dat dit geen maklike taak sou wees nie en het 500 man en twee kanonne versoek.[108] Hierdeur het hy gehoop om 'n meer ewewigtige situasie te bewerkstellig wat noodwendig groter veiligheid vir sy ondergeskiktes sou meebring. Dit is hom egter geweier.

Op 4 Februarie 1900 het De Wet berig ontvang van 'n Britse mag op Koedoesberg. Hy het onmiddellik handelend opgetree en op 5 Februarie die voet van Koedoesberg bereik.[109] Met die daaropvolgende geveg kon De Wet se burgers nie nader as ongeveer 650 meter op die kruin van die berg aan die vyand vorder nie vanweë die geweldige geweervuur. Hulle het dus gebly waar hulle was totdat dit donker was en toe in die grootste stilte na hulle perde wat hulle onder aan die berg gelaat het, teruggekeer.[110] Deur hierdie optrede is lewens van sy ondergeskiktes ongetwyfeld gespaar.

De Wet het nietemin verwag dat sy opdragte uitgevoer moet word. Hy het kmdt D.S. Lubbe met honderd man gestuur om genl Cronjé te gaan help toe hy al vegtende in die rigting van Paardeberg geretireer het. De Wet stel dit duidelik dat hy ontevrede was dat Lubbe na hom teruggekeer het. Hierna handhaaf De Wet hom onder ander offisiere deur delegering van sekere pligte en ander wat hy op homself neem. Hy het besluit om self na Paardeberg op te ruk en was op die punt om dit te doen toe hy berig van pres Steyn ontvang dat hy vir Philip Botha, wat as assistent-veggeneraal aangestel is, met honderd en vyftig man as versterking op 'n plaas naby Koffiefontein sou aantref. Op pad daarheen het hy kmdt F. P. Jacobsz van Fauresmith, en kmdt J A M Hertzog, (broer van regter J. B. M. Hertzog) van Philippolis, teëgekom. Hulle het berig dat Britse troepe van Belmontstasie in aantog was. De Wet het hulle laat teruggaan in die rigting van

---

[108] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.47.
[109] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902,* IV, pp.131-132.
[110] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.47.

die troepe wat van Belmont af opgetrek het. De Wet het self na Philip Botha gegaan. Hy het hom opdrag gegee om hom gereed te maak. Daarna het hulle saam met honderd en vyftig man elk vertrek om aan Cronjé hulp te gaan aanbied.[111]

Uit die pasvoorafgaande kan gesien word dat De Wet ook ondergeskikte offisiere kon organiseer en wettige, sinvolle opdragte kon aanwend in sy strydstrategie. Vantevore is ook gesien dat De Wet daarna streef om ewewigtigheid tussen hom en die vyand so ver as moontlik te handhaaf. Daarom het hy gereeld by genl Cronjé om versterkings aangeklop. Tog stuur hy in dié geval vir Hertzog en Jacobsz weg van hom af en neem slegs Botha en sy honderd en vyftig man met hom saam wanneer hy Cronje wil gaan help.

Bogenoemde is ook ‘n voorbeeld van die wettige gesagstruktuur wat ‘n vereiste vir die geregverdigde oorlog is. Die bevele wat De Wet hier gee, is ook sinvol en geregverdig en dus wettig.

Met die aanloop tot die gebeure te Paardeberg verwys De Wet weer na terugslae in sy eie geledere met verwysing na gewondes en gesneuweldes. Op die plaas Stinkfontein het De Wet en Philip Botha, hoewel hulle goeie posisies gehad het, twee man verloor en verskeie van hulle perde is gekwes en gedood. Na twee en ‘n halwe dae moes hulle hulle posisies afgee. Met die verlaat van hulle stellings is drie man gedood, sewe gewond en veertien gevange geneem.[112]

Een van De Wet se bevele wat spesiale vermelding verdien, is dié aan Danie Theron, kaptein van die rapportryers. Die vraag kan ontstaan of dit ‘n billike verwagting was om ‘n individu tussen die linies van ‘n oormag deur te stuur na die vasgekeerde Cronjé om ‘n boodskap oor te dra en terug te keer met ‘n antwoord. De Wet meld wel dat hy hom gevra het of hy dit sal doen en nie

---

[111] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.53.
[112] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.58.

beveel het nie. 'n Mens kan wel vermoed dat Theron, as De Wet se ondergeskikte, dit wel as 'n bevel sou interpreteer. Hoe dit ook al sy, Theron het onderneem om dit te doen. As die moontlike voordeel van dié operasie van Theron in ag geneem word, naamlik dat Cronjé en sy burgers deur De Wet se plan ontset kon word, kan die bevel of versoek van De Wet kwalik as onbillik beskou word. Met inagneming van Theron se persoonlike eienskappe en vermoëns, het De Wet waarskynlik besef dat Theron 'n redelike kans staan om die operasie suksesvol deur te voer. Volgens De Wet was Theron se bevestigende antwoord, wat hy fier en duidelik gegee het, dié wat 'n mens van 'n held soos Theron kon verwag. De Wet verwys na die alombekende en onvergeetlike kaptein van die rapportryers.[113]

Na die oorgawe van Cronjé op 27 Februarie 1900 het De Wet sy burgers op 7 Maart by Poplar Grove probeer konsentreer. Hy beskryf egter 'n vlug soos wat hy nog nooit gesien het nie en wat ook nooit weer later in die oorlog plaasgevind het nie. Ten spyte van alles wat hy en sy offisiere probeer het, kon hulle nie die burgers daarvan weerhou om te vlug nie. Dit wil dus voorkom asof hier 'n totale ongeorganiseerdheid was en ten spyte van gevestigde militêre strukture kon die Boere-bevel nie orde handhaaf nie. Wettige bevele sou dus noodwendig hier verontagsaam wees, maar De Wet het besef dat onder hierdie bepaalde omstandighede, daar niks daaraan gedoen kan word nie. Te veel terugslae het gevolg op die oorgawe van Cronjé wat De Wet as die ernstigste beskou het.[114]

Met De Wet se poging tot verdediging van Bloemfontein het hy sy burgers besig gehou met die oprigting van skanse ongeveer sewe tot tien kilometer buite die stad aan die suide en die weste. De Wet wou Bloemfontein tot elke prys beskerm en het gemeen dat as die stad dan ingeneem moes word, dit oor hulle dooie liggame moes wees. Hy het laat in die aand van stelling tot stelling gegaan en die offisiere en burgers toegespreek. Hy het hulle aangemoedig en

[113] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.63.
[114] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.68.

gevra dat hulle hulle dapper moet gedra en hulle hoofstad tot elke prys moet verdedig. Groot was sy teleurstelling toe hy agterkom dat kmdt J. D. Weilbach sy stellings reeds vroegaand verlaat het en dat dit toe reeds deur die Britte beset was. Die volgende dag is ook die een stelling na die ander prysgegee. Wanneer die burgers van die een stelling gesien het dat dié in 'n ander stelling dit verlaat het, het hulle dit ook gedoen. Weereens kon De Wet of sy offisiere niks daaraan doen nie. Bloemfontein is op 13 Maart 1900 ingeneem deur die magte van lord F.S. Roberts, Britse opperbevelhebber, byna sonder dat daar 'n skoot geskiet is.[115]

De Wet se besorgdheid as bevelvoerder kan in dié geval goed verstaan word. In enige staat is die hoofstad die setel van mag en noodwendig die simbool van die volk se onafhanklikheid. In die lig hiervan, is dit in 'n oorlogsituasie noodsaaklik dat die hoofstad uit die hande van die vyand gehou moet word ten einde 'n stryd suksesvol te voer. Die beskerming van die hoofstad was dus 'n heeltemal geregverdigde doelwit in hierdie stadium van die oorlog en De Wet se oortuiging om dit ten alle koste deur te voer, heeltemal geregverdig.

Die optrede van De Wet teenoor sy ondergeskiktes na die val van Bloemfontein is van besondere betekenis. Hy het besluit om die burgers vir 'n wyle huis toe te stuur. Hieroor was hy baie ongewild by genl P. J. Joubert van die Zuid Afrikaansche Republiek, wat toe in die Vrystaat was om te sien wat gedoen kon word om Roberts in sy opmars te stuit. De Wet het besef dat die burgers uitgeput was en dat hulle op die tydstip as 't ware nutteloos as krygers was. Hy het daarom aan Joubert gemeld dat 'n mens nie 'n haas met onwillige honde kan vang nie. De Wet het besef dat almal waarskynlik nie weer sou terugkeer nie maar hy wou liewer met slegs tien gewilliges as honderd onwilliges weer tot die stryd toetree.[116]

---

[115] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.71.
[116] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.75.

Dit mag miskien vreemd klink dat ‘n bevelvoerder onder sulke omstandighede aan sy ondergeskiktes verlof gee. Hierdie besluit was egter nie ondeurdag nie. De Wet het besef dat Roberts ook eers sou hergroepeer. Verder wou De Wet die stryd met mag voortsit. In die lig van die omstandighede was hierdie besluit geregverdig. Hy het ook gemeen dat dié wat sou terugkeer, met nuwe moed sou veg.[117]

**4.3 Burgerlikes:**

Tydens die stellingkrygfase het vrouens en kinders hulle nog dikwels in die laers van die Boere bevind. De Wet was ongemaklik hiermee. Hy het wel sy drie seuns Kotie, Isak en Christiaan met hom saamgeneem maar hulle was dienspligtig. Nie net het De Wet geglo dat die slagveld net vir krygers bedoel is nie maar die teenwoordigheid van vrouens en kinders en die ekstra rytuie wat vir hulle nodig was kon militêre operasies laat misluk.

Die teenwoordigheid van vrouens in die laer by Magersfontein het De Wet gehinder. Hy het met die regering daaroor in korrespondensie getree en versoek dat dit verbied moet word dat vrouens hulle in die kommando’s bevind. Dit het egter nie gehelp nie. Die uitvoerende raad van die ZAR het reeds op 4 Oktober 1899 bepaal dat geen vroue in die laers toegelaat moet word nie behalwe by hospitale op behoorlike afstand van die laers. Offisiere is egter oogluikend toegelaat om hulle eggenotes in die laers te ontvang. Dit het aan ‘n minderheid gewone burgers die voorbeeld gestel om dieselfde te doen.[118] De Wet meld dat hy dit wat uiteindelik met Cronjé gebeur het, voorsien het. Later sou hulle sien hoe duur die teenwoordigheid van vrouens in die laer die Republieke te staan gekom het.[119] J. H. Breytenbach verwerp die algemene opvatting dat Cronjé groot getalle vrouens en kinders toegelaat het om vir hulle mans in sy laer aan

[117] M.C.E. van schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 75.
[118] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* p. 323.

[119] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 43.

die Modderrivier te kom kuier as gevolg waarvan haas elke getroude man in Cronjé se laer van sy vrou en kinders vergesel was, en dat die aanwesigheid van hierdie vrouens en kinders een van die belangrikste oorsake van Cronjé se oorgawe op 27 Februarie 1900 was. Slegs 'n gedeelte van die vrouens en kinders wat in Cronjé se laer agtergebly het nadat sy terugtog teen begin Februarie 1900 begin het, was kuiergaste. Die res het bestaan uit families van Kaapse rebelle wat van hulle plase af padgegee het uit vrees vir die vyand, of uit families wie se huise en lewensmiddele in die Kaapkolonie sowel as in die Vrystaat deur die vyand verwoes is, sodat hulle na Cronjé se laer gevlug het. Breytenbach meen ook dat die veronderstelling dat die vrouens en kinders Cronjé gestrem het of vir sy oorgawe verantwoordelik was, onbillik is. Hulle het trouens nie teruggedeins vir die ontberings in die veld nie.[120]

Met die trek van Magersfontein het De Wet agtergekom dat 'n oorweldigende Britse mag in aantog was. Hy het deur kapt Gideon Scheepers vir Cronjé laat weet dat die Britte by Blaauwbank in die rigting van Paardebergdrif gedraai het en dat hy Cronjé aanraai om met sy laers met alle mag pad te gee. Hy het dit nodig geag om Cronjé hierdie raad te gee, ook vanweë die vrouens en kinders wat hulle in die laer bevind het aangesien dit volgens De Wet tot 'n ramp kon lei.[121]

Hy meld ook die teenwoordigheid van Vrystaatse laers wat in afsonderlike afdelings te Paardeberg gestaan het. In hierdie laers was 'n tipe burger wat 'n mens nie in die posisies kon gebruik nie. Hulle is later "waterdraers" en na die Engels "non-combatanten" genoem.[122] Omdat hierdie burger oënskynlik nie vir De Wet van nut was nie, het hy hulle na 'n ander plaas 'n ent daarvandaan laat vertrek. Hulle is egter deur die vyand oorval. De Wet het hier, in teenstelling met die lot van Cronjé se laer, nie 'n poging tot redding geloods nie. Die rede

[120] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* p. 325.
[121] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp. 49-50.

[122] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.50.

hiervoor is waarskynlik militêr-strategies van aard. Dit sou nie die moeite werd wees om mense wat nie militêr aangewend kan word nie te bevry ten koste van die lewens van aktiewe kommandolede.

De Wet se houding teenoor nie-vegtendes op die slagveld kom weer na vore waar hy Cronjé probeer ontset. De Wet wou hê dat Cronjé en sy burgers moes ontsnap terwyl hulle die laer agterlaat. Na die eerste poging meld De Wet dat Cronjé se verlies minder sou gewees het as wat dit was deurdat hy vasgeklou het aan die ongelukkige laer.[123] Met De Wet se latere poging om Cronjé te ontset, het hy weer daarop aangedring dat hy en sy burgers hulle pad moet oopveg, maar die laer moes agterlaat.[124] De Wet erken wel dat Cronjé 'n plig teenoor sy laer gehad het maar voel dat hy dit as krygsman vir die heil van sy volk moes opgeoffer het. [125]

Dit wil dus voorkom dat De Wet op die slagveld 'n militaris was en dat al wat op die slagveld behoort te geld, die behoud van die eie krygsmag en die bevegting van die vyand moet wees. Daarom het hy daarop aangedring dat die laer agtergelaat moes word en net die burgers moes ontsnap. Hierdie manskappe sou dan beskikbaar wees vir verdere krygsdiens. De Wet was waarskynlik nie bekommerd oor die lot van die vrouens en kinders nie, aangesien hy op hierdie stadium dalk gemeen het dat hulle, as burgerlikes, nie leed deur die vyand aangedoen sou word nie.

[123] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.58.
[124] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.63.

[125] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 58.

**5 DIE GUERRILLA-FASE:**

Op 17 Maart 1900 is ‘n krygsraadvergadering van albei republieke op Kroonstad gehou. Pres M.T. Steyn was die voorsitter en die vergadering is ook deur pres S.J.P. Kruger van die ZAR bygewoon.

Die doel van hierdie vergadering was om planne te beraam om die oorlog voort te sit. Die kwessie van proporsionaliteit sowel as die moontlikheid van sukses het by die afgevaardigdes opgekom. Daarom meld De Wet dat hulle geweet het dat die oorlog na gewone menslike berekening nie voortgesit kon word nie. Hulle kon dit onmoontlik doen met die oog op hulle nietigheid teenoor die vyand se oormag. Desnieteenstaande het die gevoel onder hulle geheers dat ‘n man geen man is as hy sy goeie reg nie verdedig nie.[126] Onvoorwaardelike oorgawe was nie ‘n opsie nie. Hierin word dus regverdiging verleen vir die voortsetting van die geregverdigde oorlog. Hulle was oortuig dat die Afrikanervolk, hoewel byna bandeloos ten aansien van die gebrek aan dissipline in oorlogstyd, tog ‘n volk was in wie die onafhanklikheidsideaal diep gewortel was.

Op die vergadering is besluit om die stryd kragdadig voort te sit. Daar is ook eenparig besluit dat die groot walaers afgeskaf moet word en dat die stryd voortaan slegs met perdekommando’s gevoer sou word. Dit het dus ‘n verandering in taktiek meegebring en geïmpliseer dat die die Boeremagte nou meer mobiel sou wees.[127]

Dit is betekenisvol dat die kwaad wat deur dokters se sertifikate gedoen is ook hier bespreek is. Dit is natuurlik ‘n belangrike etiese kwessie in die aanwending van mannekrag. Etiese beginsels vereis dat daar nie van ‘n siek of gestremde persoon verwag kan word om krygsdiens te verrig nie. Die feit is dat daar van hierdie beginsel misbruik gemaak is en dat doktersertifikate sonder meer

[126] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 76.
[127] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 76.

uitgereik is. In die geval sou ook die dokter se optrede oneties wees. In die lig hiervan is die offisiere daarop gewys dat hulle met die aanvaarding van hierdie sertifikate versigtig moet wees.[128]

Op 25 Maart 1900 het De Wet hom te Sandrivier bevind waar hy gewag het op die kommando's wat weer moes versamel. Hy meld dat dit waarop hy gehoop het, wel gebeur het. Die burgers het tot verhaal gekom en met nuwe moed tot die stryd teruggekeer. Hulle het in sulke groot getalle opgedaag dat dit De Wet se verwagtings oortref het.[129]

Wat De Wet en die oorlog in die Vrystaat betref kan, hierdie beskou word as die begin van die guerrilla-stryd onder sy leiding. Die aard van hierdie vorm van oorlogvoering het De Wet beter gepas. Hy was in elk geval gekant teen die gebruik van walaers en 'n voorstander van meer mobiele oorlogvoering deur die gebruik van perdekommando's. So kon vinniger toegeslaan en vinniger onttrek word wat die kans op sukses verhoog en die kans op lewensverlies verminder het.

### 5.1 Is guerrilla-oorlogvoering eties?

Guerrilla-oorlogvoering behoort nie slegs as 'n militêre entiteit gesien te word nie. Die logika van die aard daarvan beteken dikwels dat dit net soveel 'n politieke as militêre aktiwiteit is. Dit is gewoonlik die stryd van 'n swak volk teen 'n mag met oorweldigende getalle en tegnologie. Guerrilla-leërs moet van die grond af opgebou word onder 'n volk waarvan die militêre organisasie ontoereikend bewys is of selfs glad nie bestaan het nie. Omdat die guerrilla-leër van voor af opgebou word, moet sy lede oorreed word om te veg eerder as om gedwing te word deur 'n bestaande administratiewe sisteem. Derhalwe moet guerrilla-leiers die mense oortuig dat dit in hulle belang is om te veg. Nasionalisme of xenofobie

[128] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 76.
[129] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 77.

mag 'n motief vir die voer van so 'n oorlog wees. Meestal moet die leierskap egter sy oproep baseer op die moontlike verandering wat op sosiale en ekonomiese vlak mag intree na die oorlog. Volgens Clausewitz is oorlog 'n voortsetting van politiek op 'n ander wyse. Dit is veral waar ten opsigte van guerrilla-oorlogvoering. Militêre optrede en sosio-politieke oorwegings is hier absoluut onafskeidbaar.[130]

Die term "guerrilla" is 'n Spaanse woord wat beteken "klein oorlog". Dit is oorgeneem en opgeneem in ander tale na die Napoleontiese inval in Spanje. Baie publikasies gaan van die veronderstelling uit dat guerrilla-oorlogvoering by Mao Tse-tung begin en van daar af ontwikkel het. Guerrilla-oorlogvoering is egter so oud soos die mensdom self en daar is talle redelik goed gedokumenteerde voorbeelde van hierdie tipe strydvoering deur die geskiedenis.[131]

Guerrilla-oorlogvoering as die basis van 'n stryd van 'n volk om homself te bevry, het verskillende eienskappe en verskillende fasette, hoewel die sentrale doel naamlik bevryding dieselfde bly. Oorlog pas aan by sekere vasgestelde omstandighede en selfs natuurwette. Guerrilla-oorlogvoering as 'n fase van oorlog moet deur bogenoemde gereguleer word, maar as gevolg van spesiale eienskappe, moet sekere aanvullende reëls of wette erken word om die oorlog te onderhou. Hoewel geografiese en sosiale omstandighede in verskillende lande die manier waarop so 'n oorlog gevoer word, sal beïnvloed, is daar sekere vasgestelde reëls en wette wat hierdie manier van veg reguleer.[132]

Dit is belangrik om te besef dat guerrilla-oorlogvoering 'n oorlog van die volk is. Die guerrilla-mag is slegs die vegtende voorhoede van die mense. Die krag van die leër word geput uit die volk. Die guerrilla-leër mag nie as minderwaardig beskou word teenoor die vyandelike leër as gevolg van sy minderwaardige

[130] J. Ellis, *Guerrilla warfare,* p. 7.
[131] J. Ellis, *Guerrilla warfare,* p. 6.

slaankrag nie. ‘n Onmisbare voorwaarde van suksesvolle guerrilla-oorlogvoering is die ondersteuning van die plaaslike bevolking.[133]

Guerrilla-oorlogvoering is ‘n fase van oorlog en dit mag ontwikkel in ‘n konvensionele oorlog. Die basis van guerrilla-oorlogvoering is nie noodwendig die verdediging van ‘n ideaal nie, maar om ‘n ideaal in die werklikheid te omskep. Die fundamentele beginsel is dat geen slag of skermutseling geveg moet word tensy dit gewen gaan word nie.[134]

Guerrilla-oorlogvoering is ook onderworpe aan sekere beperkings en reëls. Dit is ‘n fase van oorlogvoering en derhalwe deel van oorlog in die wyer sin van die woord. Die beginsel van geregverdigde oorlogvoering kon dus ook op hierdie tipe oorlogvoering toegepas word.

## 5.2 Was De Wet ‘n guerrilla?

Wanneer daar gekyk word na die vereistes en eienskappe van die guerrilla-oorlog, pas De Wet en sy manier van oorlogvoering tydens die guerrilla-fase van die oorlog daarby in. Hy het die ondersteuning van die grootste gedeelte van sy volk gehad en was van hulle afhanklik vir lewensmiddele om sy militêre operasies voort te sit. Amper belangriker is die steun wat De Wet van sy regering gehad het in die persoon van pres Steyn. Die regering is trouens fisies deur De Wet se kommando beskerm. Dit is in teenstelling met Guevara se veronderstelling dat ‘n guerrilla-oorlog teen ‘n onderdrukker gevoer word ten einde ‘n nuwe regering vir die mense daar te stel.

Teen Julie 1900 kan die Boere lank nie meer ‘n behoorlike teenstander vir die Britte in ortodokse gevegte wees nie. Hulle was te swak en militêre organisasie is tot byna niks gereduseer. ‘n Volgehoue konvensionele benadering tot die stryd

---

[132] E. Guevara, *Guerrilla warfare,* pp. 14-15.
[133] E. Guevara, *Guerrilla warfare*, p. 15.

[134] E. Guevara, *Guerrilla warfare,* pp. 18-19.

kon slegs tot een uitslag lei. Die alternatief was ‘n ongereelde of guerrilla-oorlog. Die veldheer moet altyd daarop uit wees om sy eie sterk punte uit te buit, sy swakhede te verdoesel en die vyand te verhoed om dieselfde te doen. De Wet kon hierdie beginsel toepas deur mobiele oorlogvoering.[135]

In sy herinneringskrif wy De Wet ‘n hoofstukkie aan dié vraag. Hy verduidelik dat hulle hulle magte met verloop van tyd in al hoe kleiner afdelings verdeel het. Dit het hulle die geleentheid gebied om by meer geleenthede kleiner gevegte te lewer waardeur die Britte veel te verlore gehad het. Hulle eie verliese was ook daardeur van maand tot maand groter maar nie eweredig met dié van die vyand nie. Krygsgevangenes wat die Boere geneem het, kon hulle nie aanhou nie en dit was dus nie werklik vir die vyand ‘n verlies nie. Daarenteen was elke Boere-krygsgevangene een minder in hulle geledere.[136]

De Wet meld dat hulle, nadat sulke klein magte oral in die Vrystaat begin opereer het, allerlei name deur die vyand toegevoeg is. Nadat Roberts die Vrystaat op 28 Mei en Transvaal op 25 Oktober 1900 vir die Britse Kroon geannekseer het, is hulle rebelle genoem omdat hulle nog steeds weerstand gebied het. Daar is ook na hulle as “sniping bands” en “brigands” verwys. De Wet het die term guerrilla as ‘n skeldnaam beskou en ook nie aanvaar dat die Boereleiers guerrilla-leiers genoem word nie. Dit wil voorkom of hy die term guerrilla sien as ‘n onwettige of ongeregverdigde manier van oorlogvoering. Daarom meld hy dat Engeland tydens die vredesonderhandelinge dìe aantygings moes terugtrek en dat hulle die Boereregerings toe as wettige regerings erken het.[137]

---

[135] W.L.von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p.197.
[136] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 226.

[137] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 227.

## 5.3 ETIESE OORWEGINGS MET BETREKKING TOT DE WET SE KRYGSTAKTIEK TYDENS DIE GUERRILLAFASE:

### 5.3.1 Vyand:

Van die begin van hierdie nuwe fase in die oorlog het De Wet die kwessie van die wanproporsie tussen hulle getalle en dié van die vyand in ag geneem. Met die geveg by Sannaspos op 31 Maart 1900, soos De Wet dit in sy herinneringskrif noem, het hy weereens teen 'n oormag te staan gekom. Sy posisie was egter hier tot sy voordeel. Verder het hy sy burgers beveel om nie te skiet voordat hy die bevel gee nie en dat hulle die troepe moes dwing om oor te gee sonder om te skiet.[138] Sy krygsplan was eenvoudig. Met dagbreek moes sy broer Piet de Wet met die kanonne op die Britse konvooi lostrek. Hy het daarop gereken dat die Britte dan in die rigting van Bloemfontein sou vlug. Hulle sou dan in die hinderlaag beland wat hy by Koornspruit wou voorberei. Intussen moes Piet de Wet in die ooste waak ingeval die mag van genl R.G. Broadwood, die Britse bevelvoerder te Thaba 'Nchu, die konvooi uit daardie rigting te hulp wou snel.[139]

Volgens inligting is die waterwerke slegs deur 'n swak garnisoen van twee honderd man bewaak. 'n Latere berig het gelui dat 'n konvooi waens wat by die mag van Broadwood gehoort het, op weg was na die Bloemfonteinse waterwerke. Vir De Wet was dit goeie nuus aangesien hy nou twee vlieë met een klap kon doodslaan.[140] Die realiteit was egter heel anders toe De Wet moes verneem dat Broadwood se hele mag van een duisend sewe honderd tot een duisend agt honderd man by die waterwerke saamgetrek was.[141]

---

[138] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 81.
[139] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 109.
[140] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 106.
[141] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 109.

De Wet het nogtans besluit om die geveg aan te knoop. Nadat die Boere-kanonne op die Britse mag begin skiet het, het daar 'n verwarde vlug ontstaan. Heelwat van die troepe wat in die rigting van De Wet se posisies gevlug het, is ontwapen. De Wet het self vir maj W.H.F. Taylor, bevelvoerder van U–battery gevange geneem. Hy het aan hom gesê dat hy na Broadwood moet gaan en hom moet meedeel dat De Wet geen bloed wil vergiet as dit nie nodig is nie, en dat hy hom daarom versoek om sy troepe te beveel om oor te gee. Taylor het nie na Broadwood toe gegaan nie, maar na die troepe voor hom. Daar was 'n woordewisseling en sommige soldate het oorgegee. Ander het omgespring en probeer wegjaag. De Wet self het Taylor neergeskiet.[142] Toe hulle agterkom wat aan die gang is, het 'n offisier beveel dat die troepe moet retireer. De Wet meld dat hulle 'n geweldige vuur op die retirerendes neergebring het. Dit was so erg dat hulle oor mekaar dood en gewond gelê het.[143]

Enkele aspekte van die geveg is van belang. Die wanverhouding in die getalle tussen die twee magte is weer ter sprake. De Wet neem dit in oorweging en natuurlik het hy ook die moontlikheid van 'n redelike kans op sukses van sy militêre operasie oorweeg. Deur 'n spesifieke krygstrategie aan te wend, poog hy om die wanverhouding uit te balanseer en verhoog sodoende die kans op militêre sukses.

'n Menslikheidsaspek en selfs respek vir die vyand kan ook in die aanvanklike verloop van die geveg gelees word. De Wet verkies om liewer krygsgevangenes te neem en te ontwapen as om net groter geweld te gebruik. Nog 'n rede vir die neem van krygsgevangenes hier is die feit dat De Wet se oorspronklike plan nie voorsiening gemaak het vir die feit dat Broadwood met sy hele mag daar opgedaag het nie. De Wet het opdrag gegee dat niemand mag skiet voordat hy skiet nie. Sodoende is die Britse soldate in die lokval gelei en ontwapen.[144] De

[142] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 114
[143] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp. 82-83.

[144] L.S. Amery (eds.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902,* IV, p. 38.

Wet wou hierdeur ook die verrassingselement van sy krygsplan behou. As meer Britse troepe nader aan die Boere gekom het, sou die Boere-oorwinning groter gewees het.[145]

Vrae kan egter ontstaan oor die geweldige vuur wat op die retirerende Britse troepe geopen is. Is dit geregverdig om op retirerende soldate te skiet? Dat moet dadelik gemeld word dat retireer nie vlug of oorgee beteken nie. Retireer of terugtrek is ‘n erkende militêre tegniek wat onder sekere omstandighede aangewend word. Dit is met ander woorde ‘n alternatiewe manier van veg. Daarom bly retirerende vegtende troepe ‘n geoorloofde teiken in die voer van ‘n geregverdigde oorlog.

Op 3 April 1900 het De Wet op ‘n Britse garnisoen van omtrent ses honderd man by Reddersburg afgekom. Hy het ‘n mag van agt honderd by hom gehad waarvan sommige nie behoorlik gewapen was nie.[146] De Wet het eers ‘n boodskapper na die Britse bevelvoerder gestuur waarin hy hom aangeraai het om oor te gee. Die rede daarvoor was dat die getalle in dìe geval meer ewewigtig was en dat De Wet versterkings met kanonne verwag het. Hy het die Britse offisier dit meegedeel en dat hulle nie ‘n kans staan teen die Boere in hierdie geval nie. Die offisier het egter geweier en De Wet meld die skandelike gedrag van die vyand naamlik dat hulle op die Boere se rapportryer geskiet het toe hy wegry. De Wet en sy burgers het daarna die vyand bestorm en stellings ingeneem. Die kanonne het egter laat opgedaag en kon eers die volgende dag operasioneel aangewend word. Dit het tot gevolg gehad dat die Britte die volgende dag die wit vlag gehys het. Hierna het De Wet en sy burgers weer na die Engelse gejaag maar daar is weer op hulle geskiet en vk Du Plessis van Kroonstad het gesneuwel. De Wet verwys na hierdie optrede as verraad en dat dit die burgers woedend gemaak het. Daar is nou ‘n dodelike vuur van Boerekant af neergebring en kort daarna is etlike wit vlae gehys. Nou het dit

---

[145] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 114.
[146] T. Pakenham, *The Boer War,* p. 395.

egter nie die effek gehad om die Boere te laat ophou skiet nie. De Wet het moeite gehad om die burgers te dwing om vuur te staak.[147] Die soldate is gevange geneem en nadat inligting van hulle verkry is, is dié groep na Pretoria gestuur.

Hierdie insident laat ongetwyfeld vrae ontstaan oor die misbruik van die internasionale konvensie. Na die eerste boodskap aan die Britse offisier kan ‘n mens oordeel dat dit natuurlik sy reg en waarskynlik plig was om oorgawe te weier. Wat die skietery op die rapportryer betref, kan miskien ook geredeneer word dat daar op daardie tydstip geen sprake was van enige oorgawe nie en dat ‘n militêre operasie aan die gang was. Dit was egter volgens De Wet nie aanvaarbaar nie.

De Wet het egter sy burgers gedwing om op te hou skiet aan die einde van die geveg en nadat veelvuldige wit vlae deur die vyand omhoog gehou is. Hierdeur openbaar hy respek vir die internasionale konvensie en ook respek vir die lewens van die vyandelike soldate.

Op pad na die Roodewal-stasie het De Wet op 3 Junie 1900 berig ontvang van ‘n Britse konvooi wat van Renosterrivier na Heilbron op pad was. Die volgende dag het hy ‘n deel van sy burgers die konvooi laat omsingel. Weereens het De Wet, om, soos hy dit stel, onnodige bloedvergieting te voorkom, ‘n boodskapper na die Britte gestuur en hulle aangeraai om oor te gee. In hierdie geval het die Britse offisier gevra om voorwaardes te stel waarop De Wet se antwoord was dat die oorgawe onvoorwaardelik moes wees. Nadat die Britte ‘n rukkie beraadslaag het, het hulle oorgegee en ses man is gevange geneem.[148]

Behalwe vir die onnodige bloedvergieting-kwessie, was hier ‘n ander voordeel in hierdie insident vir De Wet. Hy het ‘n plan gehad vir Roodewal en die feit dat hier

[147] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp.89-90.
[148] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 113.

geen skoot geskiet is nie, het verseker dat sy plan nie deur die vyand geantisipeer kon word nie.

De Wet het op 7 Junie by Roodewal aangekom en eers verspieders nader gestuur. Daarna het hy weereens ‘n man onder die wit vlag na die Britse bevelvoerder gestuur en oorgawe geëis. Die Britse bevelvoerder het geweier en hulle is daarop met Krupp- en Mauservuur bestook. Die Britse antwoord hierop was egter verbete en die Krupp-kanon is na ‘n veiliger stelling verskuif. Later, nadat die Britte wat met genl Chris Froneman slaags geraak het, oorgegee het, het De Wet ook twee artilleriestukke van daar laat kom. De Wet het Froneman beveel om met dagbreek dieselfde dag ‘n Britse kamp by Renosterrivier-spoorwegbrug net noord van Roodewal aan te val. Daar is nou verder met artillerie en soos De Wet meld met tagtig Mausers op die Britte geskiet. Die gevolg was dat die Britte na ‘n tyd die wit vlag gehys het. De Wet het self na die stasie gery en twee offisiere teëgekom wat hom meegedeel het dat hulle sou oorgee op voorwaarde dat hulle hulle persoonlike besittings en pos kon behou. Wat die persoonlike besittings betref, meld De Wet, het hy tot in daardie stadium in elk geval nie toegelaat dat, in sy teenwoordigheid, die persoonlike besittings van krygsgevangenes geneem word nie. Hy het natuurlik nie toegelaat dat hulle die pos behou nie. Die Britte kon egter nie anders as oorgee nie aangesien hy die stasie dan sou laat bestorm. Hy het sy manskappe sowel as krygsgevangenes toegelaat om die possakke deur te gaan en daaruit te neem wat hulle wou. Hoewel die res van die buit baie waardevol sou wees vir die Boere (bv. klere en komberse) kon dit nie vervoer word nie. Die buit het ook heelwat ammunisie ingesluit en De Wet verwys spesifiek na projektiele wat bestem was om die forte van Pretoria te bombardeer. Groot hoeveelhede artillerie- en kleingeweer-ammunisie is gebuit en gaan begrawe vir latere gebruik. Dit wat hulle nie kon saamneem nie is verbrand.[149] De Wet het die spoorlyn ten

[149] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 116.

noorde en suide van die stasie laat verniel om te verhoed dat die vyand hulle onbelemmerd per spoor kon nader.[150]

De Wet het hier ook belangstelling en medelye gehad met die Britse gewondes en gesneuweldes. Hy het onder andere verneem na die identiteit van ‘n sekere gesneuwelde Britse offisier en te kenne gegee dat die dood van die Britse soldate hartseer was.[151]

De Wet het Roodewal spesifiek as teiken gekies. Dit was wel ‘n stasie, maar dit blyk dat dit op daardie tydstip feitlik uitsluitlik deur die vyand vir militere doeleindes aangewend is. Dit was dus, gemeet aan die vereistes van die geregverdigde oorlog, ‘n wettige teiken. Verder voldoen De Wet se optrede teenoor die vyand voor, tydens en na hierdie geveg ook aan die vereistes van die geregverdigde oorlog beginsel. Hoewel daar tydens die geveg meedoënloos op die vyand gevuur is, is hulle daarna met respek behandel. Die feit dat hulle nie toegelaat is om hulle pos te behou nie, kan eerder beskou word as ‘n militêre noodsaaklikheid as onmenslikheid teenoor die vyandelike troepe. Die beslaglegging en ondersoek van posstukke maak ‘n belangrike deel uit van militêre intelligensie. Daar kon ook, onder hierdie omstandighede, inligting van die vyand ontneem en weerhou word.

De Wet beskryf self moontlike haat vir hom deur Roberts maar hy dink dat dit mettertyd sou weggaan en stel dit dat Roberts sou besef dat hy (De Wet) binne sy reg opgetree het.[152] Oorlog en die dood wat daarmee gepaard gaan, genereer baie sterk emosies onder andere liefde en begeerte. Haat, gedefinieer as ‘n aanhoudende organisasie van aggressiewe impulse teenoor ‘n persoon of

---

150 M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 117.
151 W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 177.
152 M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 119.

groep persone, saamgestel uit verbittering en beskuldigende gedagtes, is ook dikwels beskou as normale gedrag in 'n oorlogsituasie.[153]

Verraad onder eie geledere het vir De Wet verbitter. Daarteenoor respekteer hy 'n vyandelike offisier wat by 'n insident van verraad betrokke was. Veldkornet Hans Smit van Rouxville, het met 'n gevange Britse offisier, kapt Wyndham-Knight, geknoei om hom 'n vrygeleide deur die vyand se linies na Kroonstad te verkry. Verder moes hierdie offisier ook 'n versoek aan die Britse outoriteite te Kroonstad rig om Smit en twintig van sy burgers 'n vrygeleide na die distrik Rouxville te gee. Volgens De Wet sou hy en elkeen wat sy land en volk opreg dien , kapt Wyndham-Knight hoog eer as iemand wat, hoewel hy self in gevaar was om ontdek te word, nogtans sy volk gedien het.[154]

De Wet het hom geroepe gevoel om die spoorlyn deur die Vrystaat gedurig op te breek. Dit was in daardie stadium die enigste spoorlyn waarop Roberts die ontsaglike voedselvoorraad wat hy vir sy duisende troepe nodig gehad het, kon vervoer. Die kommunikasie van die vyand moes ten alle koste deur die Boere belemmer word. Derhalwe het hy bly opereer in die omgewing van die Renosterrivierbrug en naby die spoorlyn. De Wet skryf, miskien effe moedeloos, dat as daar meer krygslis aan hulle kant was, of miskien toegesien is dat hulle bevele uitgevoer word met betrekking tot die belemmering van die kommunikasie van die Britte, die vyand die gevaar sou loop om van honger om te kom. Hier word ook spesifiek verwys na die bevel om alle vee langs die spoorlyn weg te neem sodat die vyand dit nie as voedselbron kon aanwend nie. Volgens De Wet was dit nie Roberts se voorsienigheid nie, maar die Boere se nalate wat daarvoor verantwoordelik was dat Roberts en sy troepe nie van honger omgekom het nie.[155]

---

[153] J. Bourke, *An intimate history of killing,* p. 151.
[154] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit*, p. 119.
[155] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp.124-125.

Uit die pas voorafgaande kan gesien word hoe De Wet guerrilla-tegniek, wat ooreenstem met moderne guerrilla-tegnieke, toepas. In plaas daarvan om die vyand direk aan te val met sy beperkte mannekrag, ontwrig hy die logistiek van die vyand. Dit kan as geregverdig beskou word. Hy poog om te verseker dat die vyand van voedsel weerhou word wat daartoe sou lei dat vyandelike soldate nie optimaal kan funksioneer nie. Dit sou potensieel ‘n meer ewewigtige situasie tussen die strydende magte tot gevolg gehad het naamlik ‘n swak gevoede oormag teenoor ‘n klein maar goed gevoede mag. In plaas daarvan om die vyand aan te val en met vuurkrag uit aksie te stel, moes voedsel onthou word om hulle fisies en psigies te verswak.

De Wet beskryf ook ‘n taktiek wat hy wou toepas om die vyand ‘n swaar verlies toe te dien, al sou hy nie die slag wen nie. Dit moes plaasvind in die randjies van Elandslaagte waar hulle op 19 Junie 1900 ‘n groot Britse konvooi wat van Vredefortweg na Heilbron op pad was, ingewag het.[156] Die Britte het aangery gekom sonder dat hulle verkenners ver vooruit gestuur het. Die Boere se posisies was weerskante van die pad waarlangs hulle gekom het. De Wet se bevel was dat die troepe toegelaat moes word om tot tussen hulle stellings te kom. Eers dan moes daar van beide kante op hulle gevuur word.[157]

Die idee was hier weereens om te kompenseer vir die onewewigtigheid in getalle. Die manier waarop die burgers opgestel is herinner aan die tipiese hinderlaag kenmerkend van guerrilla-oorlogvoering en wat selfs in moderne guerrilla-tipe konflikte gebruik is. Dit sou maksimum benutting van mannekrag en vuurkrag verseker en terselfdertyd die vyand verwar en potensieel groot skade aanrig.

Ongelukkig vir De Wet is sy plan in die wiele gery deurdat die burgers te vroeg, lank voordat die Britte tussen hulle was, begin skiet het. In antwoord hierop het

---

[156] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan De Wet as veldheer,* p. 184.
[157] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.126.

die Britte vinnig omgeruk, teruggeval en teruggeskiet. Britse artillerie het ook op hulle begin vuur. De Wet verwys na veral ‘n lidiet- en Amstrong-kanon wat vanaf Heilbron op hulle gevuur het. Dit het nou die Boere tussen twee vure geplaas en hulle moes padgee.[158]

Nog ‘n manier om die vyand se kommunikasie te belemmer, word deur De Wet beskryf. Op 21 Junie 1900 het De Wet by Paardekraal, naby Kroonstad, besluit om die hoofspoorlyn op te breek. Vir dié doel het hy sy manskappe in drie verdeel en die groepe onderskeidelik na Heuningspruitstasie en Amerika-sylyn gestuur terwyl hy self na die Serfontein-sylyn is. Genl Froneman het die spoor by die Amerika-sylyn opgebreek terwyl hy self dit op ‘n ander plek gedoen het waar hy ook die telegraafpale verniel het. Elke telegraafpaal is eers met ‘n Mauser geskiet waar dit dan met die omruk geknak het.[159] Volgens Scholtz het slegs De Wet sy doel bereik deurdat hy die brug by Serfontein aan die brand gesteek het. Froneman moes onverrigter-sake terugtrek nadat daar op hom geskiet is en sy burgers oor geen dekking beskik het nie.[160]

Dit is insiggewend dat De Wet die gebruik van kosbare ammunisie vir die vernieling van telegraafpale toegelaat het. Ernesto Guevara, die Latyns-Amerikaanse vryheidsvegter, beskryf ‘n soortgelyke tegniek in moderne guerrilla-oorlogvoering. Hy stel egter die gebruik van ‘n saag voor. Dit is ook net nodig om enkele pale amper deur te saag waarna dit ook omgeruk en geknak word. Die gewig daarvan sal die drade rek en breek.[161]

Tydens De Wet se uitwyktog na Transvaal meld hy iets wat tot hier toe nie in sy aard blyk te wees nie. Op 24 Julie 1900 het ‘n skermutseling om meelwaens plaasgevind. De Wet het ‘n paar waens met koring na die meule by Vredefort

---

[158] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp. 126-127.
[159] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 127.
[160] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 186.

[161] E. Guevara, *Guerrilla warfare,* p. 105.

gestuur om gemaal te word. Berig is ontvang van ‘n sterk Britse mag wat na Vredefort op pad was. Uit hulle geledere het hulle ‘n mag gestuur om die koringwaens van die Boere af te neem. De Wet meld dat hulle haastig opgesaal het maar nie betyds was om die waens te red nie. Hulle kon sien dat die Britte die waens laat stilhou het en daarna na hulle kamp laat trek het. Hier noem De Wet getallesterktes naamlik vyf tot seshonderd aan Britse kant en vierhonderd aan Boerekant en dat die Britte dus meer in getal was. Tog wou De Wet nie hê dat hulle waens gebuit word sonder dat daar ‘n skoot geskiet word nie. Hy het die burgers beveel om te storm en ‘n geveg, so hard as wat ‘n mens maar kon dink, het gevolg. De Wet het gedink hulle staan op die punt om die vyand te verdryf toe vyandelike versterkings met kanonne opdaag. De Wet moes met ‘n verlies van vyf dood en etlike gewond, die stryd gewonne gee.[162] Met hierdie geveg is dit nie aan De Wet oorgelaat om die tyd en terrein van sy eie keuse te bepaal nie. In die tyd het hy homself bewys as ‘n gedugte teenstander maar dan moes die element van verrassing aan sy kant wees. Wanneer die Britte die inisiatief geneem het, kon De Wet meer uitdeel as wat hy ontvang het maar dit het gepaard gegaan met relatief groot verliese aan Boerekant.[163]

Die belang hier is dat De Wet, wat so teen die gebruik van waens op kommando was, juis hier, ter wille van die meel op die waens ’n geveg aangeknoop het. Die logiese afleiding is dat hy waarskynlik graag die voedselvoorraad, wat noodsaaklik was vir die oorlewing en funksionering van sy burgers, wou behou.

Op 6 Augustus 1900 het De Wet by Schoemansdrif deur die Vaalrivier na Transvaal getrek. In die omgewing van Ventersdorp moes De Wet se burgers die oprukkende berede troepe op verskillende plekke aanval om hulle in hulle dolle vaart te stuit. Hulle teenstand het egter nie lank geduur nie. Toe hulle moes wyk moes hulle ‘n kanon agterlaat. De Wet meld dat as hy die kanon laat aanhou skiet het totdat dit nie meer gered kon word nie, hulle laer ook geneem

---

[162] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp. 146-147.
[163] F. Pretorius, *Die eerste dryfjag op hoofkmdt C.R. de Wet,* p.132.

sou gewees het. Hierna het De Wet 'n ander taktiek toegepas om van sy agtervolgers weg te kom. Hulle het die dorre wintersgras agter hulle aan die brand gesteek om sodoende weiding van die Britse trekdiere te ontneem.[164]

Hierdie stap kon as geregverdig onder die omstandighede beskou word. Die vyand en hulle hulpmiddele insluitend trekdiere is wettige teikens in 'n oorlog en die onthouding van voedsel vir vyandelike trekdiere 'n manier om die vyand te ontwrig.

De Wet het op 17 Augustus 1900 by Kommandonek aangekom. Hy het ontdek dat dit deur 'n Britse mag beset word. Hier het hy weer 'n rapportryer uitgestuur met 'n briefie dat indien hulle nie oorgee nie, hulle aangeval sal word. Sy doel hiermee was egter slegs om agter te kom hoe sterk die vyandelike mag was en of dit vir hom moontlik sou wees om deur die nek te kom. Die rapportryer het teruggekeer en berig dat die Britse posisies so goed was dat hulle nie oorrompel sou kon word voor versterkings opdaag nie.[165] De Wet het besef dat hy vasgekeer is en nie deur die nek kon ontsnap nie. Al uitweg was om die Magaliesberg reg voor hom, wes van Kommandonek, oor te steek.[166]

Hier het De Wet van misleidingstegniek gebruik gemaak om inligting oor die vyand te bekom om sodoende 'n ingeligte besluit te kon maak oor die moontlikheid van sukses in geval van aksie. Omdat die kans op sukses in geval van 'n aanval hier skraal was, het hy die gedagte laat vaar.

Teen 22 Augustus 1900 was De Wet op pad terug na die Vrystaat.[167] Hy moes onder meer oor die Krugersdorp- Potchefstroom-spoorlyn trek. Hy meld dat die spoor nog nie oral bewaak was nie en dat daar slegs by die stasies klein

---

[164] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 152.
[165] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp. 152-153.
[166] F. Pretorius, *Die eerste dryfjag op hoofkmdt C.R. de Wet,* p. 188.

[167] F. Pretorius, *Die eerste dryfjag op hoofkmdt C.R. de Wet,* p. 320.

garnisoene was. ‘n Mens kon dus selfs bedags daaroor gaan. Tot De Wet se spyt het hy geen enkele dinamietpatroon of gereedskapstuk by hom gehad warmee hy die spoor kon opbreek nie. Dit was vir hom swaar om ‘n spoorlyn te sien en geen skade daaraan te doen nie. Dit was immers sy leuse om nooit oor ‘n spoorbaan te gaan sonder om die vyand se kommunikasie te versteur nie.[168]

Hier is dit duidelik hoe belangrik dit vir De Wet was om elke geleentheid aan te gryp om elke wettige teiken aan te val. Dit sou nodig wees omdat die vyand in elk geval ‘n oormag was en derhalwe baie reserwes gehad het, terwyl die Boere vir alle praktiese doeleindes geen reserwes gehad het nie. Hulle kon dus nie bekostig om verliese te ly nie en aan die ander kant ook nie bekostig om geleenthede om die vyand verliese toe te dien, verby te laat gaan nie.

Voor die inname van Dewetsdorp het De Wet ‘n ander misleidingstaktiek toegepas. Hy meld dat hy opsetlik helder oordag op 19 November 1900 van die plaas Erinspride, nege kilometer noord van Dewetsdorp, getrek het om deur die Britse garnisoen op Dewetsdorp opgemerk te word.[169] Hy het dit gedoen omdat hy gemeen het hulle sou dan dink dat hy ‘n aanval op die dorp wou loods. Hy het ook reeds vooraf vir genl Philip Botha met ‘n patrollie om die dorp gestuur om sy eie oordeel te vel. De Wet self het nie nut vir Botha se verkenningswerk gehad nie aangesien hy goed bekend was met die dorp en ook geweet het waar die Britse posisies was. Hy het gemeen dat die garnisoen sou dink dat hy en sy burgers net in ‘n wilde vlug verby sou gaan.[170]

Die rede vir die voorgenome aanval is nie slegs militêr-takties van aard nie, maar ook ter wille van wraak. Bothaville, waar hulle deur die Britte op 6 November 1900 oorval is, was vir hulle ‘n groot doring in die vlees en hulle moes iets doen om met die Britte af te reken.[171]

---

[168] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 162.
[169] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 295.
[170] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 182.
[171] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 182.

Met die inname van Dewetsdorp vanaf 21 November 1900, is daar grootliks van bekruipingstaktiek gebruik gemaak, aangesien die Britte baie goed verskans was.[172] Die Britte is van skans tot skans verdryf of daarin gevang totdat die dorp in die hande van die Boere geval het.[173] De Wet het hier lof en kritiek vir die vyand. Hy verwys krities na die Britse troepe by ‘n kanonstelling wat te gerus was. Daar was slegs drie van hulle op die spesifieke pos en hulle was aan die slaap. Toe hulle aan die hakke gegryp is, het twee ontvlug sonder hulle klere en die een is doodgeskiet. Na ander stellings verwys De Wet as uitstekend sterk verskans. Hy het lof vir maj W. G. Massy, bevelvoerder van die Gloucester Regiment, Highland Light Infantry en Irish Rifles. Hulle was vyfhonderd in getal en volgens De Wet het die offisier en die manskappe hulle besonder dapper gedra.[174]

Vierhonderd krygsgevangenes is geneem wat maj Massy en sewe ander offisiere ingesluit het. Daar is ook vyftig swartes gevange geneem. Die Britte het hulle gesneuweldes reeds begin begrawe en De Wet het die getal nie opgeteken nie.[175]

Toe al hoe meer versterkings opdaag, het De Wet, aangesien hy in elk geval van plan was om die Kaapkolonie in te val, besluit om Dewetsdorp te verlaat. Hy het weer misleidingstaktiek toegepas deurdat hy ‘n klompie burgers agter gelaat het om die indruk te skep dat hulle nog daar is sodat die Britse mag hom nie dadelik sou volg nie.[176]

Dit wil voorkom of die rede vir die inneem van Dewetsdorp, minstens gedeeltelik, wraak kon wees. Moontlik het die dorp ook persoonlike betekenis vir De Wet gehad aangesien dit na sy vader vernoem is. Daarom sou hy waarskynlik graag

---

[172] W.L. von R scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 296.
[173] J.D. Kestell, *Met die Boerekommando’s*, p.131.
[174] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 183.
[175] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 185.

[176] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 186.

die dorp van die vyand wou bevry. Wraak alleen is nie ‘n aanvaarbare regverdiging vir oorlogvoering in die toepassing van die geregverdigde oorlogbeginsel nie. ‘n Mens kon hier egter aanvaar dat dit nie die enigste rede vir De Wet was nie en dat hy in elk geval hier ‘n geleentheid gesien het om die vyand ‘n verlies toe te dien.

Met De Wet se tweede inval in die Kaapkolonie in Januarie 1901 het verdere klein gevegte plaasgevind waar ‘n paar krygsgevangenes geneem is. Op ‘n plaas naby Hondeblafrivier het De Wet op 12 Februarie ‘n klompie Britte teëgekom. Hulle het hulle agter kraalmure en ‘n damwal verskans. De Wet het hulle weer per brief aangeraai om oor te gee waarop hulle geweier het. Hierna is hulle bestorm. Hulle het besef dat hulle nie ‘n kans staan nie en het sonder om ‘n skoot te skiet, oorgegee waarna hulle gevange geneem is.[177] Hulle perde was ‘n welkome toevoeging tot die reeds dalende aantal diere in die kommando.[178]

Met sy voorttrek meld De Wet dat hy die krygsgevangenes met hom saamgeneem het. Hulle is nie losgelaat soos met vorige geleenthede nie. Hy kon hulle nie loslaat nie want hy wou nie hê hulle moet die vyand meedeel hoe swak De Wet se burgers se perde was nie. Dit is dus weer deel van ‘n misleidingstaktiek naamlik die verdoeseling van eie swakheid. De Wet het wel medelye met hulle gehad aangesien hulle te voet was. Hy meld dat hy hulle so goed behandel het as hy kon, op gelyke voet met sy eie burgers.[179] Hier is De Wet se respek vir die vyand weer duidelik, maar nie ten koste van sy eie burgers nie. As die vyand sou weet hoe swak hulle perde was, kon dit potensieel lei tot meer gedetermineerde optrede teen De Wet en sy burgers.

Teen die winter van 1901, meld De Wet, was daar ‘n skaarste aan alles behalwe vleis, brood en mielies. Later meld hy dat hierdie items wel skaars was

---

[177] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 211.
[178] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 345.

[179] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 212.

maar dat hulle nie 'n volslae gebrek gehad het nie.[180] Hierdie opmerking is miskien 'n aanduiding van die feit dat hulle in daardie stadium van die oorlog reeds gewoond daaraan geraak het om met minder klaar te kom.

Klere het egter 'n ernstige kwessie geword. Die gebruik van "uitskud" het nou in gebruik gekom. Die uitskud van krygsgevangenes het waarskynlik in geÏsoleerde gevalle so vroeg as die winter van 1900 ontstaan. Teen Mei 1901 het die Wes-Vrystaters verneem dat die Transvalers die Britse troepe uitskud en terstond die gebruik oorgeneem. Die uitskudproses was 'n drastiese verlengstuk van die buit van opeengestapelde klerevoorrade wat kolonnes en konvooie met hulle saam vervoer het. Nou sou die persoon van die krygsgevangene direk aangetas word.[181] Die burgers het elke krygsgevangene, in weerwil van haastige bevele ontklee. Hier meld De Wet dat dit die Britte was wat eerste die burgers se klere weggeneem het wat in die huise agtergelaat is, of dit verbrand het. Velle in looierskuipe is ook stukkend gesny. Dit was te erg en die burgers het die troepe in gelyke munt terugbetaal deur hulle uit te skud.[182] Hier is dus weer 'n element van wraak ter sprake. Dit kan egter nie as die enigste motief vir die uitskud van troepe gesien word nie. Dit was 'n alternatiewe manier van lewensmiddele bekom ten einde die stryd voort te kon sit. In elk geval is slegs soldate uitgeskud wat onder hierdie omstandigehede 'n geregverdigde teiken in die voer van 'n geregverdigde oorlog is. Dit is 'n poging om die eie te preserveer en die kans op militêre sukses te verhoog en terselfdertyd die vyand 'n knou toe te dien.

De Wet beoordeel self die etiek van sy manier van treine opblaas. Dit was steeds nodig om die vyand se verbindinge te versteur en veral treine in die lug te laat spring. Hulle het 'n spesiale toestel vir die doel ontwikkel. Die loop en slot van 'n geweer is met 'n dinamietpatroon onder 'n spoorstaaf gelê en 'n

[180] M.C.E, van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 230.
[181] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* p.95.

[182] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 230.

ontploffing vind plaas as die lokomotief die spoor daarop druk, met die gevolg dat die trein in die lug vlieg. Vir De Wet was dit ‘n harde saak om mense se lewens so te ontneem, maar hoe vreeslik ook al, was dit nie teen die reëls van beskaafde oorlogvoering nie en hulle was volkome binne hulle reg om op dié wyse die vyand se verbindinge te belemmer. Die verbindinge van die Britte is in hierdie tyd op dié wyse erg gestrem, en hulle was verplig om duisende meer troepe langs die spoorlyne te plaas ten einde die treine aan die loop te hou. Ewenwel kon die treine vir ‘n geruime tyd nie in die nag loop nie. Die Britte het weldra uitgevind hoe hulle dié verwoesting aangerig het, en die wagte moes elke dag die spoor noukeurig ondersoek om te sien waar die toestel onder die spoor geplaas was. Die Boere kon agterkom wanneer die toestelle ontdek en verwyder is, want die trein het dan veilig verby beweeg op die spesifieke plek in plaas van om opgeblaas te word. Die Boere het dan teruggegaan na die plek waar die toestel verwyder is. Orige gruis is verwyder en ‘n toestel is weer geplaas en toegemaak. Die orige gruis is ‘n ent weg van die spoor weggegooi. So kon die wagte nie ontdek waar die toestel is nie, maar toe is die troepe langs die spoorlyn verdriedubbel.[183]

Op 11 Julie 1901 het ‘n groot slag die Vrystaatse regering getref. Die hele regering met die uitsondering van pres Steyn en W.C.J. Brebner, goewermentsekretaris (wat met verlof was), is deur die Britte oorval en gevange geneem. Belangrike dokumente het ook in Britse hande geval waaruit hulle kon aflei wat die ware stand van sake vir die vegtende Vrystaters was.[184] Lord Kitchener, opvolger van Roberts, het gevolglik op 7 Augustus 1901 ‘n proklamasie uitgevaardig waarvolgens alle Republikeinse offisiere wat hulle nie voor 15 September oorgee nie, vir altyd uit Suid-Afrika verban sou word.[185] In die proklamasie lig hy sekere feite uit in ooreenstemming met die geregverdige oorlogbeginsel. Hy wys daarop dat die burgers van, soos hy dit noem, die

[183] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 242.
[184] W.L. von R Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 386.

[185] W.L. von R Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 391.

voormalige Republieke, min in getal is, hulle lewensmiddele uitgeput is en dat hullle nie meer op georganiseerde wyse ‘n reëlmatige oorlog kon voer nie. In antwoord hierop het De Wet op 15 Augustus 1901 ‘n kort skrywe opgestel waarin hy Kitchener die versekering gee dat hy en sy offisiere maar een doel voor oë het waarvoor hulle veg, naamlik hulle onafhanklikheid wat hulle nooit kan prysgee nie.[186] Die stryd bly vir hulle dus geregverdig en die hoofdoel van hierdie geregverdigde stryd, naamlik die behoud van hulle onafhanklikheid, weeg swaarder as die ander oorweging, naamlik ‘n redelike kans op sukses.

Met die aanloop tot die geveg op Groenkop op 25 Desember 1901 het De Wet weer misleidingstaktiek toegepas. Hy het vals inligting aan swartes naby die Britse linies versprei dat vyftig man na De Wet moes kom maar toe weer bevel gekry het om na hulle distrikte terug te keer, aangesien De Wet en sy kommando op die punt was om na Winburg te vertrek. Die inligting is aan die Britse magte oorgedra. Dit het tot gevolg gehad dat die Britte uit hulle goed versteekte kamp vertrek het en later kamp op Groenkop opgeslaan het. De Wet wou die Britte op die kop aanval. Die kop is steil aan die weste- kant en het ‘n geleidelike helling aan die oostekant. Van De Wet se offisiere wou van die ooste af aanval, maar hy het geweet dat die Britte ‘n aanval van die ooste sou verwag en dat hulle in elk geval daar deur verkykers gesien sou word. De Wet het die aanval dus teen die steil helling van die weste geloods. Dit het die gewensde effek gehad. Selfs die artilleriste wat ‘n Maxim- Nordenfeldt en Armstrong beman het, is neergeskiet. Die aanval was ook reeds gevorder voor al die slapende troepe in hulle tente gewek kon word. Die burgers het na die tente geskiet en baie Britte is daarin gedood of gewond. Baie het ook halfgeklee uit die tente gevlug en bewegende teikens vir die burgers geword. Volgens De wet se rapport het hulle vegtend gevlug.[187] De Wet meld egter dat die vyand hulle onder moeilike omstandighede dapper gedra het. Die moeilike omstandighede waarna hy hier verwys, is die verwarring wat altyd verwag kan word tydens ‘n

[186] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.244.
[187] J.D. Kestell, *Met die Boerekommando’s*, p. 208.

nagaanval. Verder was dit vir De Wet hartbrekend om die geweeklaag van die gewondes in die donker te hoor. Hy het die burgers die dokters laat help om die gewondes in die tente byeen te bring waar hulle verpleeg kon word. Verder het hy die dokters toegelaat om vir die gewondes soveel drank te neem as wat hulle wou. De Wet beskou dit egter as afkeurenswaardig dat die ambulanswaens in die middel van die kamp gestaan het en dat dit tot gevolg gehad het dat 'n arts, dr Reid dodelik gewond is. Verder is hier volgens De Wet ongeveer honderd-en-sestien van die vyand gedood en swaar gewond, dertig gewond en tweehonderd-en-veertig krygsgevangenes gemaak.[188]

Hoewel De Wet agting vir die vyand gehad het, is hy tog deur die verwoesting van plase geraak. Die verwoesting het gevolg op 'n proklamasie wat lord Roberts op 1 September 1900 uitgevaardig het waarin hy onder meer bepaal het dat alle geboue waarin Boere oorbly, afgebrand sou word. So het tussen Junie en September grootskaalse verwoesting in verskeie Vrystaatse distrikte plaasgevind. De Wet het reeds op 19 Mei en 10 Julie by Roberts teen dié verwoesting geprotesteer, maar sonder gevolg. De Wet het dus al hoe verbitterder teen die Britte geword.[189] Op 2 Oktober 1900 het De Wet op Lindequesfontein naby Vredefort 'n proklamasie uitgereik. Hierin het hy sy offisiere beveel om alle Britse troepe wat op heterdaad betrap is by die afbrand van huise en die wegvoer van vrouens en kinders in gevangeskap, of soldate waarvan bewys kon word dat hulle van plan was om dit te doen, summier dood te skiet.[190]

### 5.3.2 Ondergeskiktes:

Op die krygsraadvergadering van Maart 1900 is bepalinge gemaak oor die wyse waarop die kommandante sou opereer. Daar is besluit dat genl J.H. de la Rey met sy Transvalers en sekere Vrystaatse kommando's onder genl Philip Botha

---

[188] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp. 266-269.
[189] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* pp. 269-270.

by Brandfort sou bly. Verder is bepaal dat die ander in die aand saam met De Wet sou vertrek.[191]

Dit is belangrik om daarop te let dat De Wet hier net praat van vertrek en geen verdere besonderhede verstrek nie. Die feit dat hy verwys na die aand en geheimsinnigheid is amper simbolies van die aanvang van die guerrilla-fase vir De Wet se kommando's. Geheimhouding is 'n belangrike komponent van die klandestiene aard van guerrilla-oorlogvoering.

Tog was die nuuskierigheid van offisiere sowel as manskappe groot aangaande hulle bewegings. Nogtans het De Wet aan niemand meegedeel waarheen hy sou gaan nie. Hy was nou vasbeslote om aan niemand te sê wat sy krygsplanne was nie. Die ondervinding het hom geleer dat waar dit bekend word wat die bevelvoerende offisier wou doen, dit altyd nadelig werk, en hy was gedetermineerd om dissipline met 'n vaster hand te handhaaf as wat tot nog toe die geval was. Nogtans het byna alles van die vrywilligheid van die burgers afgehang. Hulle het na die kommando's gekom of daarvan weggebly na eie goeddunke, maar De Wet sou die man wat na die kommando toe kom, onder strenger tug plaas as wat tot nog toe die geval was. Volgens De Wet het hy ook daarin geslaag.[192] Die burgers wat De Wet nou by hom gehad het, het groot vertroue in hom gehad. Sy hardnekkige pogings om genl Cronjé te ontset, het 'n groot indruk op hulle gemaak en met sy kragtige persoonlikheid het hy veel daartoe bygedra om die ongedissiplineerde burgers tot 'n doeltreffende gevegseenheid te omvorm.[193]

Met De Wet se voorneme om die waterwerke van Bloemfontein aan te val, het hy die misleidingstaktiek wat hy telkens op die vyand toegepas het, ook om bogenoemde rede op sy burgers toegepas. Sodat niemand kan agter kom

---

[190] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p.270.
[191] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 70.
[192] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 79.
[193] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 105.

waarheen hy gaan nie, het hy eers rigting ingeslaan na Winburg verder noord. Keer op keer moes hy die vrae aanhoor waarheen hulle tog gaan en wat wil 'n mens op Winburg doen? Daarna het hy weer suid gedraai om by Sannaspos uit te kom. De Wet meld ook dat hy sy kommando versteek het. Een aand het hy soos hy dit stel die nodige inligting ontvang van 'n paar verkenners op wie hy kon staatmaak en aan wie hy sy geheim toevertrou het.[194]

Die vraag kan gevra word waarom De Wet dan nie sy ondergeskiktes vertrou nie. Hulle het tog immers dieselfde ideaal gekoester en is deur dieselfde doel besiel. Is dit nie oneties om jou ondergeskiktes nie te vertrou nie? Die teenvraag moet hier gevra word naamlik of dit wantroue was of net versigtigheid. Uit 'n militêre oogpunt gesien is hierdie optrede, gemeet aan die vereistes van die geregverdigde oorlogbeginsel, aanvaarbaar. As inligting vrylik beskikbaar gestel word, word dit versprei sonder dat daar noodwendig kwade intensies is. Sulke inligting kan dan, sonder dat dit so bedoel is, by die verkeerde ore uitkom. Geheimhouding is in dié geval dus geregverdig, aangesien die doel daarmee uiteindelik tot 'n verhoogde kans van sukses vir die daaropvolgende militêre operasie kan lei. Daarom is dit uiteindelik tot voordeel van die ondergeskiktes.

De Wet beskryf ook hoe hy opgetree het teenoor 'n wederstrewige ondergeskikte offisier. Hy meld dat hy groot las ondervind het van kmdt S. G. Vilonel. Nieteenstaande die verbod van die krygsraad het dit geblyk dat daar dertig waens by hulle was wat aan die burgers van Winburg onder sy bevel behoort het. Toe De Wet hom herinner aan die besluit van die krygsraad, het hy geantwoord dat hy nie sy burgers enige ongemak wou aandoen deur hulle sonder waens te laat trek nie. Let daarop dat De Wet hom hier nog nie 'n opdrag gegee het nie maar hom slegs herinner het aan die besluit en opdrag van die krygsraad. Vilonel se burgers het volhard met die getrek met die waens en De Wet het hom skriftelik kennis gegee, dit wil sê beveel, om die waens weg te stuur. Hierna het Vilonel 'n skriftelike versoek gerig dat 'n krygsraad weer belê

---

[194] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 79.

moet word om die besluit oor die waens in heroorweging te neem. De Wet het geweier. Toe hy verdere las van hom gehad het, het De Wet hom versoek om te bedank of andersins deur De Wet ontslaan te word. Die uiteinde was dat hy bedank het en vir De Wet het 'n las van sy skouers afgerol deurdat hy van 'n dwarskop kommandant verlos is.[195]

In dié verband is De Wet se optrede heeltemal geregverdig, gemeet aan militêre etiek en die geregverdigde oorlogbeginsel. Ten einde militêre sukses te verseker in die voer van 'n geregverdigde stryd, is dit nodig dat dissipline gehandhaaf word en wettige bevele uitgevoer word. In dié geval is 'n wettige bevel van 'n hoër gesag (die krygsraad) afgedwing. Hoewel De Wet persoonlik probleme gehad het met die teenwoordigheid van waens in die kommando's, was sy weersin daarin sinvol. Dit is ook deur die krygsraad bekragtig wat ingesien het dat De Wet se besware teen die waens met goeie rede was. Veral in die voer van die mobiele stryd, was die remmende effek van die stadige waens op die pas van die perdekommando's ondenkbaar.

'n Insident wat De Wet se houding teenoor verraaiers en sy steun vir sy ondergeskiktes illustreer, is die Morgendaal-voorval. J.J. Morgendaal was 'n bekende in die Kroonstadse omgewing. Na die val van Bloemfontein op 13 Maart en Kroonstad op 12 Mei 1900, was Morgendaal van mening dat verdere weerstand nutteloos sou wees. Hy het derhalwe die eed van getrouheid aan die Kroon as Britse onderdaan afgelê. Hierna is hy deur die Britse administrasie as vrederegter vir Kroonstad aangestel.[196]

Morgendaal en sy skoonvader, Andries Wessels, wat hom ook van die stryd onttrek het, het op 28 Desember 1900 vrywillig na De Wet se kommando vertrek. Hulle doel was om die burgers te probeer oorreed om die stryd te staak. Voordat hulle De Wet kon bereik, is hulle deur 'n Boere-patrollie gevange

---

[195] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp.79-81.
[196] A. M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 101.

geneem en na De Wet geneem. Hulle is onder bewaking geplaas en deur Froneman gewaarsku dat hulle geskiet sou word as hulle sonder toestemming sou wegbeweeg van die wa wat hulle vervoer het.[197]

Op 9 Januarie 1901 het daar paniek onder die Boere ontstaan as gevolg van ‘n vals berig dat die Britte op die punt was om hulle te oorval. Morgendaal het die burgers uitgelag. Hy het onder andere ook geweier om te help om ‘n wa in te span. Genl Fronemann het hom briesend met die sambok bygedam maar hy het dit minagtend uit sy hand gegryp. Dit was te veel vir De Wet en hy het gesê dat Froneman hom moet doodskiet. Froneman het sy kortgeweer uitgepluk en ‘n skoot het geknal. Morgendaal is gewond maar nie dadelik dood nie. Ten spyte van mediese behandeling is hy later dood.[198]

Morgendaal se dood het ‘n opskudding veroorsaak. Sowel genl W. Knox, die Britse bevelvoerder te Kroonstad, as Kitchener het dit aanvanklik as koelbloedige moord beskou. Dr Poutsma, ‘n Boere-geneesheer, was ook van mening dat Froneman hom aan moord skuldig gemaak het. Onder die gewone burgers was daar ook ‘n mate van ontevredenheid oor die wyse waarop Morgendaal aan sy einde gekom het. Van hulle was van mening dat Froneman onreëlmatig opgetree het deur Morgendaal te skiet voordat hy behoorlik verhoor is.[199]

Hierdie insident is van groot etiese belang. Die vraag kan gevra word of hierdie nie ‘n summiere teregstelling was nie. Morgendaal het nog nie ‘n verhoor gehad nie en was nog nie skuldig bevind nie. Miskien het die emosies van Froneman en De Wet hier die oorhand gekry. Volgens A.M. Grundling bestaan daar geen klinkklare maatstaf waarvolgens die regsgeldigheid van die Boere se optrede teenoor Morgendaal gemeet kan word nie. Die Haagse Konvensie asook ander

[197] A. M. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”,* p. 102.
[198] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*, p. 322.

[199] A. M. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”*, p. 104.

volkeregtelike maatstawwe maak geen voorsiening vir sodanige gevalle nie. Prof F. Despagnet, 'n Franse regsgeleerde wat die Anglo-Boereoorlog vanuit 'n regsoogpunt benader het, werp effens lig op die saak. Hy is van mening dat die gesante wat na De Wet se kommando gestuur is, agente van die vyand en waaragtige verraaiers was. In die lig hiervan, besluit hy dat Morgendaal se dood wel wreed was, maar dat dit in ooreenstemming met die oorlogsnorme van alle beskaafde nasies was.[200]

Die mening van die telegrafis F. F. Pienaar oor De Wet is insiggewend. Volgens hom kom De Wet in vergelyking met enige van die Boere-generaals nie die beste daarvan af nie. Sy maniere was ongepoets en sy klere baie slordig. Sy taktloosheid, sy kortaf manier van praat en sy gewoonte om met elke lettergreep sy tong teen sy verhemelte te druk, het nie sy onteenseglike onaantreklikheid laat afneem nie. Hy erken dat waar De Wet tekort geskiet het aan kultuur, hy beslis oor 'n oordosis listigheid beskik het, en soms was hy nie sonder 'n sekere waardigheid nie. Omdat hy sy onderhoriges slegs volgens prestasie uigekies het, was hy altyd verseker van goeie diens. Net een foutiewe berig kon 'n ongelukkige verkenner voor die krygsraad laat beland.[201]

Met die geveg by Roodewal was die veiligheid van die burgers 'n probleem. Daar was nie skuiling nie. Daar was wel 'n vlak pan maar die manskappe sou nog steeds onbeskut wees. Om so veilig as moontlik te wees, moes die burgers plat lê, maar die manskappe wat die Krupp bedien het, kon dit nie doen nie. De Wet kon voorsien dat hulle moes padgee en hy het hulle ook bevel gegee dat hulle die kanon moes aanhak en drieduisend tree wegbeweeg waarvandaan hulle dan moes skiet. Dit was vir De Wet wonderlik dat die kanonbemanning in 'n koeëlreën daarin kon slaag om die kanon te verwyder sonder dat een van hulle leed oorgekom het.[202]

---

[200] A. M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 104.
[201] F.F. Pienaar, *Op kommando met Steyn en De Wet,* p. 89.

Hier het De Wet sekerlik uit menslikheidsoorwegings gepoog om die lewens van sy manskappe te bewaar. Terselfdertyd moet ook in ag geneem word dat uit 'n militêre oogpunt, hulle dit nie kon bekostig om verliese te ly nie.

De Wet het sy burgers by Roodewal toegelaat om buit te neem. Hy meld dat elkeen sy perd gelaai het uit 'n winkel waarvoor hy nie hoef te betaal nie.[203] Gesien die omstandighede kan hierdie handeling as geoorloof beskou word. 'n Militêre teiken is aangeval en oorrompel en die neem van voorraad daaruit vir eie gebruik ten einde te oorleef en 'n militêre stryd voort te sit, is toelaatbaar.

Die insident met kapt Wyndham-Knight is reeds bespreek, maar moet hier net weer genoem word met klem op De Wet se ondergeskiktes se optrede. Vk Hans Smit van die distrik Rouxville en twintig van sy burgers het gedros. Dit was vir De Wet ondenkbaar dat 'n Vrystaatse offisier dit kon doen. Volgens De Wet sal sy naam gebrandmerk bly deur elke eerlike man. Verder meld De Wet dat dit vir hom makliker sou wees om teen 'n leërskare van Engeland te veg as teen sulke laaghede onder sy eie volk.[204]

Sulke optrede van ondergeskiktes gaan nie net gepaard met 'n fisiese verlies van mannekrag nie maar ook 'n verlies aan vertroue en samehorigheid onder eie geledere. Vrae kan ontstaan oor die rede vir Smit se optrede. Dit kan wees as gevolg van 'n blote moedeloosheid om te bly veg teen 'n oormag of miskien was hy en sy volgelinge ontevrede met De Wet se bevel en het dros as 'n uitweg gekies.

Met die geveg by Roodepoort (De Wet se plaas) het hy die lewens van sy burgers bo die bereik van 'n militêre doelwit gestel. Op 15 Junie1900 het 'n groot Britse mag van Vredefortweg in die omgewing aangekom. De Wet se burgers was in stellings te Roodepoort en die sogenaamde Heuningkoppies. Die Britse

---

[202] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 115.
[203] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 117.

[204] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp. 119-120.

magte het hulle egter begin omsingel. Toe De Wet na Roodepoort gaan, het hy gesien dat die burgers uit die verste noordwestelike stellings begin vlug. De Wet het dit juis gevrees. Die manskappe wat by hom was het ook begin vlug. Dit was vir De Wet onmoontlik om die burgers op die Heuningkoppies te laat weet om te retireer. Al wat hy kon doen was om bevel te gee dat die burgers by hom ten suide dwarsdeur 'n stroom wegjaag en nie langs die rivier nie. Laasgenoemde sou wel veel veiliger wees, maar hierdeur sou die manne op die Heuningkoppies dit sien en dit sou vir hulle 'n teken wees om ook terug te val. Die burgers het onder 'n swaar kanon- en kleingeweervuur uitgejaag maar niemand is beseer nie. Die burgers op die Heuningkoppies het hulle sien vlug en kon hulle stellings verlaat voordat die vyand kans gehad het om hulle teen die rivier vas te keer en van die drif af te sny.[205] Volgens Scholtz moes genl Froneman die nag van 13 op 14 Junie die spoor by Leeuspruit oorsteek en die spoorwegbrug oor die Renosterrivier die volgende dag van die ooste aanval. De Wet sou dan die brug van die ander kant aanval. In afwagting op Froneman se aanval het De Wet stelling in die rantjies op sy plaas Rooipoort (soos Scholtz daarna verwys), ingeneem. Froneman moes as gevolg van die opwagting van Britse versterkings uitwyk en kon nie sy afspraak met De Wet nakom nie.[206]

Hier het De Wet nie, soos in ander gevalle, probeer keer dat burgers hulle stellings verlaat nie. Omdat Froneman nie opgedaag het nie, moes De Wet maar in die onvermydelike berus.[207] Waarskynlik het hy besef, in ooreenstemming met die geregverdigde oorlogbeginsel, dat die kans op militêre sukses hier beperk was. Hy het dus eerder die welsyn van sy burgers verkies.
Dit is wel bekend hoe erg De Wet teen die gebruik van waens op kommando was. Tog openbaar hy insig waar hy in die omgewing van Bethlehem weer met 'n ontsaglike groot walaer belas was. Die waens het weer byna onopgemerk om hom saamgepak. Wat daartoe aanleiding gegee het was die feit dat die Britte

[205] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.123.
[206] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* pp. 181-182.

[207] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 182.

die Boerewaens met hulle saamgeneem het as hulle op die burgers se plase gekom het. Vir die Boere was dit 'n harde saak dat hulle moes toesien hoe hulle van hulle eiendom beroof is. Hulle het gemeen dat hulle dit sou kon red deur hulle waens, karre en ander rytuie op kommando saam te bring. De Wet het besef dat dit in elkeen se aard lê om te red wat hy kan, maar hy het ook ingesien dat waar mense probeer het om hul waens te red, dit gedoen sou word ten koste van hulle groot saak naamlik hulle onafhanklikheid en vryheid. Niemand kon dit egter verstaan nie. Die groot fout van die Republikeinse leërs was daarin geleë dat die burgers nie gehoorsaam was nie, veral waar dit hulle besittings gegeld het nie. De Wet kon hom alleen op die vrywilligheid van die burgers beroep, en indien hy dit toe sou waag om die waens met geweld te verwyder, sou dit 'n rewolusie verwek en nadelige gevolge met hom saamgesleep het.[208] Ten spyte van die krygsraadbesluit van 17 Maart 1900, is De Wet – wat as hoofkommandant na die veiligheid van die burgers moes omsien – dus met so 'n beslommernis belas.[209]

De Wet het dus oor die insig en vermoë beskik om hier 'n uitsondering te maak. Hoewel die waens 'n oorlas was, kon hy nie bekostig om burgers te verloor wat waarskynlik kon dros as hy die waens in dié stadium sou belet nie.

De Wet maak besondere melding van die dood van Danie Theron. Theron was onder De Wet se bevel. Hy meld dat Theron en sy korps van tagtig man bestaande uit alle nasies, hulle by hom gevoeg het. De Wet het die korps vir verkenningswerk aangewend.[210] Dit is natuurlik 'n belangrike komponent van guerrilla-oorlogvoering en die aanname kan gemaak word dat Theron se diens vir De Wet baie belangrik, indien nie onmisbaar nie, was. Daar is dikwels gesê dat Theron die oë en ore van De Wet was.[211] Hy het ook per geleentheid die

[208] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.131.
[209] F. Pretorius, *Die eerste dryfjag op hoofkmdt C. R. de Wet,* p. 101.

[210] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.136.
[211] L. Scholtz (red.), *Beroemde Suid-Afrikaanse krygsmanne,* p. 99.

korps bedank vir hulle bereidwilligheid om die Boere te help en hulle flukse en dapper gedrag.[212]

Toe De Wet die nuus ontvang dat Theron by Gatsrand gesneuwel het, het hy dit as ‘n droewige berig bestempel. Volgens De Wet sou sy plek nie maklik gevul word nie. Beminlike en dapper manne soos hy sou daar wel in die wêreld wees, maar ‘n man met soveel deugde in een persoon verenig sou nie maklik gevind word nie. Naas sy dapperheid het hy, volgens De Wet, ook groot krygslis besit, en bowendien was hy ‘n man met deursettingsvermoë. De Wet meld spesifiek dat hy opdragte nougeset uitgevoer het. Aan die hoogste eise van ‘n krygsman het Danie Theron beantwoord.[213] Sy korps was in liefde aan hul leier gebind. Theron het geleef vir die Boere-saak en dissipline afgedwing deur sy fermheid en strenge regverdigheid. Waar hy gegaan het, het sy beeld besielend gewerk.[214]

Dit wil hier voorkom of die dood van Theron vir De Wet persoonlik en emosioneel geraak het. Uit ‘n militêre oogpunt was sy dood natuurlik ook vir De Wet ‘n geweldige verlies. Dit is opmerklik hoe De Wet Theron se getrouheid en gedissiplineerdheid beklemtoon teen die agtergrond van die algemene gebrekkige dissipline van die Republikeinse magte.

Een van die lede van Theron se korps, Hendrik Ver Loren Van Themaat, het in Februarie 1901 daaraan begin dink om na sy vaderland terug te keer. Die gemis aan dissipline in die korps sedert die dood van Theron het hom nie aangestaan nie. Hy het oorweeg om deur Duits Suidwes-Afrika te reis en dan per skip na Nederland terug te keer. Hy het sy reisplan in September 1901 met De Wet bespreek.[215] De Wet het sy voorneme goedgekeur en hom ook raad gegee oor hoe hy moes reis. Hierdeur gee hy erkenning aan Ver Loren Van Themaat se

---

[212] H. Ver Loren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog,* p. 159.
[213] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 164.
[214] L. Scholtz (red.), *Beroemde Suid-Afrikaanse krygsmanne,* p. 99.
[215] F. Pretorius, ‘n Nederlandse vrywilliger by die Boere op kommando, 1899-1902: Hendrik Ver Loren van Themaat en die Afrikaner, *Historia*, 45(2), November 2000, pp. 374-375.

vrywillige bydrae tot die Boere se stryd. Hy vra hom egter om in Europa as sy mondstuk op te tree en die ware toedrag van sake daar bekend te maak.[216]

Nadat De Wet weer Vrystaatse bodem op 25 Augustus 1900 betree het, het hy met ‘n veldtog begin om die burgers wat die eed van getroudheid aan die Britse owerhede afgelê het, te herbewapen. In hierdie aksie is twee belangrike etiese aspekte geïdentifiseer. Eerstens sou burgers wat weer tot kommandodiens toetree, die eed wat hulle afgelê het, verbreek. De Wet spreek self hierdie kwessie aan deur daarop te wys dat die ooreenkoms tussen die Britte en hierdie burgers eerste deur die Britte verbreek is. In plaas van beskerming te ontvang van die Britse owerhede is hierdie burgers steeds aan allerlei ontberings onderwerp. Vee is byvoorbeeld teen lae pryse geneem en boetes is opgelê indien verbindingslyne naby die plase verniel is. Verder is daar ook van hulle verwag om verslag te doen van die teenwoordigheid en bewegings van kommando’s op hulle plase. De Wet beskou dit as verbreking van ‘n ooreenkoms deur die Britte en daarom was daar geen skuld of sprake van verbreking van ‘n ooreenkoms aan die kant van die burgers wat weer tot kommandodiens toegetree het nie. Tweedens het De Wet opdrag gegee dat geleentheid aan agtergeblewe burgers gegee moet word om opnuut aan te sluit, sonder dat iemand daartoe gedwing word. De Wet was van mening dat ‘n gedwonge burger vir hulle niks werd was nie en daarbenewens ook nie vertrou kon word nie.[217]

De Wet het geglo dat die Kaapkolonie binnegeval moes word. In ‘n brief van genl Hertzog aan pres Steyn meld hy dat De Wet soveel invloed het dat slegs sy teenwoordigheid die Kaapkolonie in opstand sou bring. Dit het De Wet aangespoor om die Kaapkolonie dadelik in te val. Op 15 November 1900 het De Wet sy burgers toegespreek oor sy voorneme om die oorlog na vyandelike

[216] H. Ver Loren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog,* pp.330-331.
[217] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp. 168-169.

grondgebied uit te brei.[218] Hierdie aksie pas in met die vereistes van die geregverdigde oorlogbeginsel. Dit is ‘n alternatiewe manier van verdediging deurdat die vyand as ’t ware agter hulle linies aangeval word. Ontwrigting van kommunikasie en die belemmering van die verskaffing van lewensmiddele en krygsbenodigdhede kan so bewerkstellig word. Die beginsel van ‘n redelike kans op militêre sukses is dus hier ter sprake.

Volgens die Syferfonteinse krygsplan van 27 Oktober 1900, moes De Wet en De la Rey die Kaapkolonie met 5000 man elk binneval.[219] As gevolg van sy hardkoppigheid, wantroue jeens genl Louis Botha en oordrewe individualisme, het De Wet twee keer sy eie kop gevolg en die Kaapkolonie op eie houtjie probeer inval. Dit het bogenoemde plan laat misluk.[220] Op hierdie vlak wil dit dus voorkom asof De Wet die beginsel van ‘n redelike kans op sukses verontagsaam het.

De Wet het met sy tweede poging om die Kaapkolonie in te val met meer as die mag van die vyand te kampe gehad. Op 26 Januarie 1901 het die Vrystaatse mag vanaf Doornberg in ‘n suidelike rigting vertrek om die Kaapkolonie in te val.[221] Hulle is voortdurend deur die vyand agtervolg en in die gebied van die Houtkraalstasie moes hulle deur ‘n vlei trek wat hulle Moddervlei genoem het. Een duisend vier honderd ruiters moes daar deur. Baie van die perde het in die modder weggesak en die ruiter moes afklim en die dier verder lei. Daar was ‘n oneindige gesukkel met die waens en kanonne. Die ammunisiewaens en waens waarop die meel was, het bly vassit. De Wet het besef dat dit noodlottig sou wees as hulle in die Moddervlei was tussen die mag agter hulle en die spoorlyn voor hulle, waarmee van De Aar en Hopetown treine vol troepe aangebring kon word. Om dié rede moes diegene wat reeds deur was, voortgaan. Hy het wel vir genl Piet Fourie met honderd man waarvan die perde nie so swak was nie,

[218] W. L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* pp. 289, 294.
[219] L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het,* p.129.
[220] L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het,* p. 160.
[221] W. L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan De Wet as veldheer,* p.329.

laat agterbly om nog te probeer om die waens deur te kry. Indien hy dit nie kon doen nie, moes hy voor die vyand bykom die waens verbrand en uitwyk.[222]

By De Wet was al die burgers wat swak perde gehad het en baie van hulle was te voet. De Wet bestempel die toestand van sy manskappe as haglik. Op elkeen se gesig was uitputting en afmatting te lees. Daar is in die voorafgaande vier en twintig uur geveg en daar is slegs een maal afgesaal. Vir hulle was die ergste van alles die deurtog deur die Moddervlei. Hierdie ervaring kon hulle nie vergeet nie, maar nadat hulle iets geëet het en 'n rukkie geslaap het, was almal weer opgeruimd.

De Wet is hier vol lof vir sy ondergeskiktes. Hy meld dat die burgers wat hy by hom gehad het, van die regte stoffasie was en alles ten offer sou bring vir die vryheid van hulle volk. In die omgewing van Strydenburg het De Wet driehonderd man vir 'n wyle laat agterbly om die Britte terug te hou om sodoende die burgers wat te voet was en diegene waarvan die perde swak was, kans te gee om weg te kom.[223]

De Wet stel dus die lewens van sy burgers voorop. Hy probeer nie die waens tot elke prys behou nie en spaar sodoende die lewens van sy burgers. Hy ontferm hom ook oor hulle wat te voet was deurdat hy hulle as 't ware laat beskerm deur diegene wie se perde nog nie so swak was nie. Tog moet daar gevra word of hy nie liewer by die Syferfontein-plan moes gehou het nie wat waarskynlik 'n groter kans op sukses sou gehad het.

De Wet is met die geveg by Tygerkloof op 18 Desember 1901 deur sy burgers teleurgestel. Hy wou 'n vyandelike konvooi wat van Harrismith na Bethlehem op pad was, aanval. Dit is in teenstelling met die lof wat hy by ander geleenthede in gevegsituasies vir hulle gehad het. De Wet was hier bo-op 'n koppie en die

---

[222] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 212.
[223] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp.212-213.

burgers onder. Hy wou hê dat ‘n vyandelike mag eers naby kom voor hulle vuur. Toe hy sien dat die vyand die burgers spoedig sou opmerk, het hy kapt W.H. Muller beveel om agter die bult uit te kom en te vuur. De Wet self het op sy perd gespring en bult af na die burgers gejaag. Intussen het Muller se burgers begin vuur. De Wet het gedink hulle sou die vyand oorwin, maar bitter was sy teleurstelling toe hy sien dat van die vyfhonderd burgers nie meer as ‘n derde aan die stormloop deelgeneem het nie. Die ander het geskuil en wat De Wet ook al probeer het, kon hy nie daarin slaag om hulle te laat storm nie. Alles het derhalwe op ‘n mislukking uitgeloop. Toe die burgers wat wel gestorm het, sien hulle kamerade het agter gebly, het hulle omgeruk. Daar was nou geen moontlikheid om die burgers weer te laat storm nie en De Wet het dit die beste geag om weg te trek.[224]

Hier was volgens De Wet ‘n redelike kans op militêre sukses, maar dit is verskraal deur die optrede van sommige van die burgers. ‘n Interne faktor het dus in hierdie geval daartoe gelei dat die kans op sukses verander het in ‘n groot kans op mislukking en in die lig hiervan het De Wet besluit om die geveg te termineer. Nogtans is twee burgers hier gedood en nege gewond waarvan twee later oorlede is.[225]

De Wet haal self een van sy dissiplineringstegnieke waarvoor hy bekend was in ander bronne aan tydens die geveg by die Holspruit. De Wet wou op ‘n sekere punt langs die spruit, naamlik Kalkkrans, op 24 Februarie 1902, deur die Britse kordon breek. Die Britte het hier van ‘n reguit linie reg van voor op hulle geskiet. Voordat hulle die spruit bereik het en deur was, het die burgers altyd vorentoe gedring, maar toe die vyand so geweldig begin vuur, het hulle omgeruk. Die manskappe onder kmdte A. Ross, H. Botha en H. A. Alberts het nie. Hierdie offisiere en hulle veldkornette het met hoogstens honderd man die naaste punt van die vyand waar ‘n fort op die steil einde van ‘n bank gestaan het, bestorm.

[224] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.262.
[225] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.262.

De Wet het die ander burgers aanvanklik verbaal aangespoor om te storm deur luidkeels te skree. Verder vermeld hy dat hy die burgers met alle mag probeer keer het en selfs links en regs met die sambok ingeklim het. Hy kon egter nie daarin slaag om meer as ongeveer twee honderd en vyftig burgers te keer nie. Die spit is uiteindelik deur drie honderd en vyftig dapperes afgebyt.[226] De Wet was meteens sonder sy staf. Van hulle het by sy dokumente-waentjie op bevele gewag en ander het hom gevolg maar in die groot verwarring afgedwaal. De Wet het heen en weer gejaag om die burgers aan te spoor om deur te breek. In die jaery het hy twee van sy staf op die lyf geloop. Dit was Albertus Theunissen en Burt Nussey aan wie hy opdrag gegee het om die dokumente-waentjie ten alle koste te red. Sy seun Isak wat hy ook raakgeloop het, het hy by hom gehou.[227] Later het die Britte nie net meer van voor geskiet nie maar ook van die linker- en die regterkant. Daar is ook met 'n Maxim-Nordenfeldt op hulle geskiet maar die artilleriste is spoedig neergeskiet en dit was verder 'n geveg van kleingewere.[228]

Die vyand het uiteindelik opgehou vuur en die wyk geneem. De Wet het twee manne na agter gestuur om die burgers wat teruggeval het, aan te sê om vorentoe te kom. Daar was omtrent 1500 van hulle wat oues en siekes ingesluit het. Die duisende stuks vee het ook nie deurgekom nie.[229] Die burgers wou dit nie doen nie, want hulle het gedink hulle sou die volgende aand 'n veiliger plek kry om deur te breek. De Wet meen dit was dwaas van hulle, aangesien die kring wat deur die vyand om hulle gevorm is, elke dag nouer geword het, en dit sou so dig word dat daar in 'n later stadium geen moontlikheid van ontkoming sou wees nie.[230]

---

[226] W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer,* p. 428.
[227] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 279.
[228] J.D. Kestell, *Christiaan de Wet 'n lewensbeskrywing,* p.129.
[229] J.D. Kestell, *Christiaan de Wet 'n lewensbeskrywing*, p.129.

[230] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 279.

De Wet en die burgers by hom het voortgetrek en twaalf gewondes met hulle saamgeneem. Twee swaar gewondes is deur sy staf op die dokumente-waentjie gelaai. Verder van belang is die kwessie van die gesneuweldes in die geval. Daar was elf van hulle en dit kon nie anders as om hulle op die slagveld agter te laat nie. ‘n Poging om hulle uit te bring, sou moontlik tot verdere lewensverlies gelei het.[231] Daar is in daardie stadium besluit om die plig teenoor die gesneuweldes prys te gee ter wille van die lewendes. Die Britte het egter na ‘n dag gewyk en daar was toe geleentheid om die gesneuweldes te begrawe. Hulle was reeds deur die vyand in vlak grafte begrawe maar hulle is nou behoorlik ter aarde bestel.[232]

### 5.3.3 Burgerlikes:

De Wet se plan om die waterwerke van Bloemfontein te Sannaspos op 31 Maart 1900 te verniel sou noodwendig ‘n effek op die burgerlike bevolking gehad het. Dit kan ‘n aantasting van die beginsel van immuniteit van burgerlikes in die geregverdigde oorlogbeginsel wees. Die primêre doel van so ‘n plan moet egter oorweeg word. De Wet se besluit was daarop gemik om omstandighede hoofsaaklik vir die Britse troepe moeilik te maak. Die hoofdoel was nie om die burgerlikes te benadeel nie. Dit was ook nie ‘n fisiese aanval op burgerlikes wat hulle lewens onmiddellik in gevaar kon stel nie. Die moontlike militêre voordeel moes opgeweeg word teen die nadele en skynbaar sou die uitwerking van so ‘n stap op militêre gebied groter voordeel inhou as die ongerief vir burgerlikes.

Met die gevolglike geveg van Sannaspos is burgerlikes amper in die geveg vasgevang. Dit was ‘n groep Engelse inwoners van Thaba Nchu wat op rytuie om die omgewing was. De Wet het twee van sy adjudante op die eerste wa, waarop daar ‘n man en ‘n vrou gesit het, laat klim om hulle te vergesel na die huis van ‘n mnr Pretorius daar naby. Daar moes hulle voor die deur uitspan en

---

[231] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 280.
[232] J.D. Kestell, *Christiaan de Wet ‘n lewensbeskrywing,* p. 129.

die adjudante moes die persone in die huis neem sodat hulle geen teken aan die vyand kan gee nie. Die ander karre is beveel om die eerste te volg. Elkeen is gewaarsku dat indien hulle enige teken uit die karre aan die vyand gee, hulle geskiet sou word. De Wet was nogtans verlig dat die vrouens en kinders die huis sou bereik voor daar geveg word.[233]

Hierdie optrede van De Wet teenoor burgerlikes is betekenisvol. In die eerste plek verseker hy dat burgerlikes nie aan direkte gevaar blootgestel word tydens die geveg nie. Tweedens beskerm hy ook sy eie militêre doelwit deur te verseker dat die vyandelike soldate nie gewaarsku word nie en hulle steeds 'n slag toegedien kan word. Daar word dus voldoen aan die vereiste van burgerllike immuniteit. Nogtans wil dit voorkom of die militêre doelwit in die geval die swaarste weeg – vandaar die dreigement dat indien iemand 'n teken aan die vyand probeer gee, die persoon geskiet sal word. Die beginsel van 'n redelike kans op militêre sukses word dus hier toegepas.

Met die geveg by die plaas Roodepoort op 15 Junie 1900 is driehonderd swartes krygsgevange geneem. Hier ontstaan 'n etiese kwessie, naamlik of hulle werklik krygsgevangenes is of burgerlikes. De Wet moes 'n besluit neem oor hoe en as wat hulle behandel moes word. Volgens Ver Loren van Themaat het daar by die Boere die vaste reël gegeld dat 'n swart mens wat hom in oorlogswerk vir die vyand begeef, doodgeskiet word. Hy voeg nogtans by dat die Boere week van hart is en nie graag 'n ongewapende doodskiet nie.[234] Daar was verskeie insidente waarby gekleurdes wat die Britse oorlogspoging gesteun het, betrokke was. Genl Ben Viljoen beweer in sy herinneringe dat hulle die swartes oor die algemeen as neutraal beskou het, tensy hulle gewapend in die Boerelinies gevind is. Kmdt P.H. Kritzinger het egter in Junie 1901 in die Kaapkolonie amptelik aan sy burgers toestemming gegee om naas gewapende ook ongewapende gekleurdes wat verdink word van samewerking met die vyand,

[233] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit*, p. 82.
[234] H. Ver Loren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog,* p. 200.

summier dood te skiet.[235] Hierdie groep wat deur De Wet gevang is, het beweer dat hulle geen wapens gehad het nie en slegs op die spoor gewerk het. Volgens De Wet was dit hulle behoud. Hulle mag wel wapens gehad het wat hulle in die duisternis weggegooi het, maar dit het De Wet-hulle nie geweet nie. De Wet het dus hier op die beginsel gehandel dat dit beter was om tien skuldiges vry te laat as op een onskuldige die uiterste straf toe te pas. Hulle is derhalwe as burgerlikes beskou en die beginsel van burgerlike immuniteit toegepas. Hulle is vrygelaat. [236]

Toe De Wet op 6 Julie 1900 besluit het om Bethlehem te verdedig, het hy weer die burgerlikes in ag geneem. Hier blyk dit dat hy slegs besorg was oor moontlike ongevalle onder burgerlikes en geen sekondêre militêre doelwit betreffende die burgerlikes gehad het nie. Die stellings ter verdediging van Bethlehem was buite die dorp en hy het ‘n kennisgewing aan die inwoners van Bethlehem gestuur dat aangesien die dorp verdedig sou word, ten minste die vrouens en kinders die dorp moes verlaat. Dit het ook nie lank geduur nie of vrouens en kinders, en selfs mans, het na Fouriesburg uitgetrek.[237] Volgens F. F. Pienaar het ‘n Britse generaal De Wet laat weet dat as hy die dorp nie oorgee nie, dit gebombardeer sou word. Die meeste eiendomme in die dorp het aan Britse onderdane behoort sodat De Wet eers alle lojale inwoners gelas het om die dorp te verlaat en daarna die Britse bevel laat weet hulle kan nou maar na hartelus bombardeer.[238]

Daar was soms vir De Wet tyd om sosiaal met burgerlikes te verkeer. ‘n Voorbeeld hiervan was met die inname van Dewetsdorp op 21 November 1900. Hy meld dat dit begryplik is dat dit vir hom ‘n genoeglike oomblik was om die inwoners van Dewetsdorp te ontmoet aan wie hy so goed bekend was. Hy het

[235] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* p. 291.
[236] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 125.
[237] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p.131.
[238] F.F. Pienaar, *Op kommando met Steyn en De Wet,* p. 110.

drie huise naamlik dié van die onderwyser Otto, Jacobus Roos en die ou heer Van der Schijf besoek, en by elkeen koffie gedrink.[239]

Hoewel De Wet nie baie gretig was om 'n vrouelaer in die gebied van Liebenbergvlei wat deur die Britte gevangene geneem is, te ontset nie, het hy op aandrang van genl De la Rey daarmee gehelp. De Wet se militêre oogmerk het hier weer swaarder geweeg. Volgens hom kon hulle, met hulle perde wat nog die verre tog na Transvaal moes aflê, nouliks daaraan dink om die vroue te ontset. Nogtans het hy De la Rey se mening gevra, wat onmiddellik gesê het dat hulle die vroue moet ontset. Hulle is aanvanklik bevry, maar die operasie het uiteindelik skeef geloop toe die Britse versterkings opgedaag het, en die laer weer in die hande van die vyand geval het.[240]

In retrospek kan die buitestander miskien sê dat dit beter sou wees om die laer glad nie te probeer ontset nie, soos de Wet se gevoel ook aanvanklik was. Waarskynlik sou daar dan nie burgerlike ongevalle gewees het soos wat toe wel die geval was nie.

[239] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit*, p. 185.
[240] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* pp. 234-235.

# 6 VREDE:

## 6.1 Vrede as deel van oorlog:

Soos reeds gemeld, stel die geregverdigde oorlogbeginsel vrede bo oorlogvoering. Oorlog is slegs aanvaarbaar as ‘n deel van ‘n vredemakingsproses. Ten diepste beywer die geregverdigde oorlogbeginsel teorie hom dus nie vir *ius ad bellum* nie maar vir *ius ad pacem*. Vrede is die doelwit en maatstaf van die geregverdigde oorlog van aanvang tot einde.

In die geregverdigde oorlogbeginsel-tradisie moet die vrede nie verwar word met die staak van vyandelikhede of die blote afwesigheid van oorlog nie. So argumenteer T. Hobbes dat heersers, individue en gesagstelsels, as gevolg van hulle onafhanklikheid, voortdurend die oë in jaloesie op mekaar gerig hou in die vorm van spioenasie, fortifikasies en garnisoens, en dat dit ‘n gebaar van oorlog is.[241]

Die begrip magsbalans verwys na die interafhanklikheid tussen state. Die mag van state mag in tyd wissel wat voordurend lei tot ‘n verskuiwing in die magsbalans. Nogtans neig internasionale verhoudings altyd na ‘n balans. Wat van morele belang is, is die balans van magspolitiek waar die begrip gesien word in ‘n manipulatiewe sin. Die doel van so ‘n beleid is om te verhoed dat die natuurlike vertroebeling van internasionale betrekkinge lei tot konflik deur die opkoms van ‘n dominerende mag teen te staan en internasionale betrekkinge in ewewig te hou. Magsbalans word dus gesien as ‘n noodsaaklike verdedigings- en vreedsame strategie om ‘n potensiële aggressor teen te staan en te voorkom dat ‘n staat van oorlog ontaard in ‘n volskaalse oorlog.[242]

[241] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 274.
[242] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 276.

In sy positiewe en dinamiese vorm word vrede gesien as die harmonie of eenheid tussen onderdele. Vrede is ‘n vorm van sameleweing. Die *ius ad bellum* is *ius ad pacem* in hierdie sin. ‘n Geregverdigde oorlog is ‘n reaksie op die afbreek of ontwrigting van die gemeenskap met die primêre doel om die versteurde harmonie te herstel.[243]

Vredemaking behoort die uitdrukking te wees van die wedersydse en morele band tussen die vyande selfs tydens die oorlog. Die regte en belange van ‘n onregverdige aggressor is ‘n belangrike oorweging, veral met die tydstip van die oorwinning of neerlaag. Wanneer die militêre oorwinning behaal is, staan die stoflike kwesbaarheid van die oorwonnenes in verhouding tot die morele kwesbaarheid van die oorwinnaar. Daar is ‘n versoeking om misbruik te maak van ‘n militêre oorwinning deur die doelwit van die oorlog te oorskrei veral waar die oorwinning teen ‘n hoë koste behaal is.[244]

Onvoorwaardelike oorgawe impliseer noodwendig die verlies van selfseggenskap, maar dit behoort ‘n tydelike beperking te wees. Die reg op selfregering behoort dus slegs tydelik opgeskort te word en behoort nie permanent ontsê te word nie. Die oorwinnaar is ook moreel verplig om die regte van die oorwonnenes te beskerm.[245]

**6.2 De Wet en die Vrede van Vereeniging:**

De Wet was een van die Vrystaatse afgevaardigdes by die vredesonderhandelinge voor die sluiting van die vrede. Aanvanklik wou hy die oorlog voortsit. In een van sy spreekbeurte het hy dit gestel dat hoewel hy nie wou grootpraat nie, die vyand hom met die grootste konsentrasie van hulle magte agtervolg het, terwyl hy die kleinste mag tot sy beskikking gehad het.

---

[243] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 280.
[244] A.J. Coates, *The ethics of war*, p. 288.

[245] A.J. Coates, *The ethics of war,* p. 290.

Wat hom betref kon daar nie sprake wees van die prysgawe van hulle onafhanklikheid nie. Volgens hom het hulle saak verbeter sedert Junie die vorige jaar. Die burgers wat hulle in die stryd verloor het, se plekke is gevul deur rekrute uit die Kaapkolonie. Hy meld ook dat hulle genoeg voedsel, klere, en ammunisie tot hulle beskikking gehad het vir nog 'n jaar. Hy sou eerder vir ewig verban wou word as om enige iets van sy onafhanklikheid prys te gee.[246]

Vir De Wet was die oorlog 'n kwessie van geloof. As hy die stryd nie in geloof kon begin nie, sou hy in elk geval nie die wapen kon opneem nie. Hy vra dat hulle hulle vertroue in God moet herbevestig. De Wet wys daarop dat hy bitter jammer voel vir die lydende volk en vir die families en burgers in die kampe. Hy dink baie aan hulle lyding, maar hy sê dat die stryd nie met materiële dinge te doen het nie. Volgens hom is die hele oorlog 'n geloofsaak. Hy wys verder daarop dat indien hulle sou oorgee, hulle baie min genade van Engeland kon verwag. Hulle sou dan in elk geval die graf van hulle eie onafhankilkheid gegrawe het. Hy stel die vraag wat nou eintlik die verskil is tussen die graf van nasionale voortbestaan en 'n graf in werklikheid.[247]

Inligting is egter van die distrikte ontvang oor die haglike toestande daar en ook die konsentrasiekampe. Daarmee saam was die Britse vredesvoorstel eintlik 'n ultimatum. De Wet beskryf dit as verpletterend. Geen beter voorstel kan verkry word nie. Hulle het ja of nee geëis. De Wet het nou oënskynlik tot ander insig gekom en stel dit dat die weg om die stryd voort te sit, na 'n stikdonker nag lei. Om met die stryd vol te hou, was nie aan te dink nie, want hulle vroue en kinders sou uitgeroei word.[248]

---

[246] J.D. Kestell & D.E. van Velden, *The peace negotiations between Boer and Briton in South Africa*, pp. 25-26.
[247] J.D. Kestell & D.E. van Velden, *The peace negotiations between Boer and Briton in South Africa*, pp.91-92.

[248] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit*, p. 309.

Die aand van 31 Mei 1902 was 'n onvergeetlike aand. Daar het 'n omwenteling in die tyd van enige minute plaasgevind. Elkeen wat die vredesdokumente onderteken het, het gevoel dat hy verplig was om so te handel, en dit was bitter om dit te doen.[249] Lord Alfred Milner, hoë kommissaris van Suid-Afrika, het daardie aand aan 'n vriend geskryf dat hy gesien het dat sommige van die Boere hierdie gebeurtenis baie diep ervaar het. F. Pretorius stel die vraag of hy nie miskien onder andere juis na De Wet verwys nie. Na die ondertekening van die dokument het almal in die vertek geswyg – juis daar waar soveel gepraat is. Die afgevaardigdes het 'n oomblik nog stilgesit. Daarna het die lede van die regerings van die gewese Republieke verbysterd opgestaan om te vertrek. Nadat Kitchener elkeen die hand gebied het, het hulle die vertrek verlaat.[250]

De Wet het op 3 Junie 1902 van Pretoria met genl Edward Elliot vertrek om op verskillende sentrums die wapens van die burgers te ontvang. Dit was vir De Wet en elke burger 'n onbeskryflike oomblik om hulle onskatbare onafhanklikheid so prys te gee. Vir De Wet het dit te veel geword om te sien hoe die wapens afgegee word. Hy het derhalwe na die kommando' s gegaan en verduidelik waarom hulle die stryd moes gewonne gee. Hy het vertrek voor die burgers die wapens aan Elliot moes afgee.[251]

De Wet het die hoop uitgespreek dat, in ooreenstemming met die geregverdigde oorlogbeginsel, dat die mag wat oorwin het, waaronder hulle nou met dwang gebring is, hulle tot hom sal trek deur sy omsigtige behandeling. De Wet het in sy herinneringskrif 'n laaste woord tot sy volk gespreek: Laat ons ons nuwe regering getrou wees. Laat dit wees tot ons behoud. Laat ons dit wees soos dit 'n volk betaam wat gedoen het wat ons gedoen het.[252]

---

[249] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 311.

[250] F. Pretorius, " Deze vegadering… beschouwt, dat onder de omstandigheden het volk niet gerechtvaardigd is, met den oorlog voort te gaan…" 'n ontleding van die redes waarom die Boere-afgevaardigdes by Vereeniging op 31 Mei 1902 die Britse vredesvoorwaardes aanvaar het, *Joernaal vir eietydse geskiedenis*, 27(2), Mei 2002, pp. 95-96.

[251] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 312.

[252] M.C.E. van Schoor (red.), *Die stryd tussen Boer en Brit,* p. 312.

In die vredesonderhandelinge was die rol van De Wet in ooreenstemming met die geregverdigde oorlogbeginsel. Hy was nie bereid om onafhanklikheid prys te gee nie. Die stryd was vir hom geregverdig. Toe dit egter vir hom duidelik word dat die stryd nie voortgesit kan word nie, het hy besluit om met die besluit van die afgevaardigdes, naamlik om oor te gee, saam te gaan. Dit strook met die geregverdigde oorlogbeginsel naamlik dat waar daar nie ‘n redelike kans op militêre sukses is nie, daar nie van ‘n geregverdigde oorlog sprake kan wees nie.

## 7 SLOTBESKOUING:

Daar moet toegegee word dat daar in die etiese beoordeling altyd verdere vrae ontstaan. Dikwels word min of geen antwoorde gevind nie terwyl net meer vrae ontstaan. Etiek is dinamies en ontwikkel en kan aanpas. Antwoorde kan op in later stadium vir sekere kwessies geformuleer word soos wat die samelewing ontwikkel of aanpas by veranderende denke.

Wat die geskiedenis betref, kan daar vanselfsprekend nie veranderinge in historiese feite plaasvind nie. Gebeurtenisse kan wel verkeerd opgeteken wees en deur beter of ander navorsing reggestel word, maar dit verander niks aan die gebeurtenis nie. Die etiek van die verlede kan dus nie dinamies wees nie. Dit is ‘n beperkende faktor in die etiese beoordeling van geskiedkundige feite, aangesien huidige kriteria toegepas word op die verlede.

Wat die etiese beskouing van die rol van De Wet in die Anglo-Boereoorlog betref, is hedendaagse kriteria toegepas en geëkstrapoleer op die verlede. Sy krygsoptrede is ontleed aan die hand van die kriteria van die geregverdigde oorlogbeginsel. Tydgenootlike kriteria is nie gebruik nie en daardeur is die oorlog van meer as honderd jaar gelede in ‘n hedendaagse teoretiese perspektief geplaas. Etiek is dinamies en daar het ontwikkeling plaasgevind in die geregverdigde oorlogteorie wat dit sinvol maak om die oorlog aan die hand van tans beskikbare kriteria te ontleed.

Die regerings van die twee Boererepublieke het deur die oorlog bly bestaan en daar was dus altyd wettige gesag. Hierdie feit maak ook die guerrilla-fase van die oorlog uniek in vergelyking met die meeste moderne guerrilla-konflikte. In laasgenoemde word daar gewoonlik geveg om ‘n nuwe regering in die plek van ‘n onderdrukkende regime te stel. In teenstelling hiermee het die Boere juis vir die behoud van hulle regerings geveg. Vir De Wet was die onafhanklikheid en vryheid van sy volk sy grootste ideal en persoonlike regverdiging vir die stryd.

Oor die kwessie van ‘n geregverdigde oorlog in hierdie geval is daar dus uit die oogpunt van De Wet nie twyfel nie.

Oor die kwessie van proporsionaliteit kan daar vrae ontstaan. In die oorlog het die Boere teen ‘n wêreldmag te staan gekom wat die kans op militêre sukses aansienlik sou beïnvloed. Slegs as daar ‘n redelike kans op sukses is kan daar van ‘n geregverdigde oorlog gepraat word. Die Boere en De Wet het die Britte egter as die aggressor gesien wat hierdie oorlog dan ‘n verdedigingsoorlog gemaak het. ‘n Verdedigingsoorlog kan as ‘n geregverdigde oorlog beskou word. Die Transvaalse regering het oorlog ook as ‘n laaste uitweg gesien, aangesien onderhandelinge oor Britse militêre opbou in die streek op niks uitgeloop het nie. Die Oranje-Vrystaat was deur ooreenkoms daartoe verbind om Transvaal by te staan in geval van oorlog. Derhalwe was De Wet ook daartoe verbind.

Tydens die stryd openbaar De Wet oor die algemeen respek vir die beginsels van die geregverdigde oorlog. Daar is nie ondeurdagte krygsoperasies aangepak wat onnodige verkwisting van menselewens sou meebring nie. Dit wil voorkom of De Wet die dood van sy onderdane en ook dié van die vyand betreur het. Krygsgevangenes is oor die algemeen menswaardig behandel. Die uitskud van krygsgevangenes later in die oorlog was eerder uit noodsaaklikheid as om hulle te verneder. Dit kan egter nie ontken word dat ‘n element van wraak hier ‘n rol kon speel nie. Daar was ook geleenthede waar die neem van krygsgevangenes tot voordeel van De Wet was byvoorbeeld waar hy die element van verrassing voor ‘n geveg wou behou.

Wat proporsionaliteit in die voer van die oorlog betref, het De Wet gepoog om by wyse van taktiek en krygslis te kompenseer vir hulle agterstand in mannekrag en bewapening. Spesifieke krygstegnieke is ook met vrug aangewend om die effek van getalle-wanverhouding te probeer neutraliseer. Hier kan die lê van hinderlae as voorbeeld dien. Die buit van ammunisie en ander noodsaaklike voorraad moes vergoed vir die tekorte hieraan veral later in die oorlog.

Die immuniteit van burgerlikes is soos in die voorafgaande beskryf deur De Wet gerespekteer. Die lewens van burgerlikes is nie onnodig in gevaar gestel nie. Swart mense wat gevange geneem is, is vrygelaat wanneer geen bewys van betrokkenheid in oorlogsbedrywighede aan die kant van die vyand teen hulle gevind kon word nie. ‘n Belangrike uitsondering, wat die status van burgerlikes in die oorlog betref, was die dood van Morgendaal.

Hoewel daar gereeld vrae sal wees oor sekere handelinge, moet ‘n mens altyd die spesifieke omstandighede op ‘n spesifieke tydstip in ag neem. Daar is kritiek te lewer op sekere van De Wet se metodes en hy word ook beskuldig van hardkoppigheid en eiesinnigheid. Nogtans kan daar, alles in ag genome, aanvaar word dat die rol van De Wet in die Anglo-Boereoorlog inpas met die beginsels van die geregverdigde oorlog.

De Wet was een van die ondertekenaars van die Vrede van Vereeniging. Hy het hom aan die oorwinnaar onderwerp maar met die hoop dat die oorwinnaar hom oor die oorwonnenes sou ontferm.

**OPSOMMING**

Die etiek van oorlog kan beskou word as empiriese etiek waar die etiese waardes bepaal word deur die omstandighede. Sekere handelinge wat onder normale omstandighede ondenkbaar is, is in oorlogstyd aanvaarbaar.

Sekere kriteria is belangrik in die voer van 'n geregverdigde oorlog. Hierdie kriteria is wettige gesag, grondige rede, proporsionaliteit en die toetrede tot oorlog, laaste uitweg, proporsionaliteit en die voer van oorlog en immuniteit van non-krygers.

Genl C.R. de Wet het tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 as kryger en krygsaanvoerder opgetree. Uit die eties-historiese korrellasie wil dit voorkom of De Wet se krygstaktiek grootliks aan die vereistes van die geregverdigde oorlogbeginsel voldoen.

De Wet het deurgaans waar daar met die vyand slaags geraak is, 'n krygsplan gehad. In sy optrede teenoor die vyand openbaar hy agting vir die vyand as mens en daar is ook oor die algemeen nie van buitensporige geweld gebruik gemaak nie. Die indruk word in sy herinneringskrif geskep dat hy krygsgevangenes geneem het om onnodige bloedvergieting te vermei. 'n Ander rede vir die neem van krygsgevangenes was om 'n spesifieke militêre doelwit te bereik deur die element van verrassing te behou. Wat die behandeling van die krygsgevangenes betref wil dit voorkom of hulle op gelyke voet met die burgers behandel is.

Die veiligheid van sy ondergeskiktes is ook deur De Wet in ag geneem. In sy krygsoptrede het hy telkens die beginsel van proporsionaliteit toegepas en nie sy burgers aan onnodige gevaar blootgestel nie.

Burgerlikes se belange is beskerm in die sin dat De Wet as ‘n reël nie gevegte aangeknoop het waar die lewens van burgerlikes bedreig kon word nie. De Wet was teen die teenwoordigheid van vrouens en kinders in die laers gekant. Die redes hiervoor was dat hulle onnodig aan lewensgevaar blootgestel is en dat hulle teenwoordigheid die effektiwiteit van die militêre mag negatief sou beïvloed.

Hoewel De Wet ‘n verbete vegter was, het hy hom tog onderwerp aan die vredesbepalinge van die Vrede van Vereeniging. Hy het gehoop dat die Britte as oorwinnaars hulle oor die inwoners van die oorwonne republieke sou ontferm.

**SUMMARY**

The ethics of war may be considered to be emperical ethics where the ethical values are determined by circumstances. Actions unthinkable under normal conditions are often permitted in war.

Certain criteria are important in conducting a just war. These are legitimate authority, just cause, proportionality and the initiation of war, last resort, proportionality in the waging of war and the immunity of non-combattants.

Gen C.R. de Wet was a soldier and military commander during the Anglo Boer War 1899-1902. From the ethical historical correlation it appears his military tactics greatly adhered to the principles of a just war.

In his encounters with the enemy, he always acted according to a military plan. He also respected the enemy and in general no excessive force was used. In his published memo's the impression is created that prisoners of war were taken to prevent unnecessary bloodshed. Another reason was to retain the element of surprise in military action. It seems that the prisoners were treated the same way as the burghers.

The safety of his men was always a priority for De Wet. In his military operations he applied the priciple of proportionality in order to ensure the safety of his men as far as possible.

Civilian lives were taken into consideration in the sense that De Wet did not engage the enemy where the lives of civilians were endangered. He was opposed to the presence of of women and children in their camps. The reason was that they were exposed to danger and their presence may have influenced military operations negatively.

Although De Wet was a fierce warrior, he submitted himself to the peace proposals of the Peace of Vereeniging. He depended on Brittain as the victor to have compassion for the citizens of the conquered republics.

**SLEUTELWOORDE**

Etiek

Geregverdig

Proporsionaliteit

Oorlog

Guerrilla

Lewensverlies

Krygsgevangenes

Burgerlikes

Krygstaktiek

Vrede

**BRONNE:**

**LITERATUUR**

Amery, L.S. (eds.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902*, IV, London, 1906.

Barry, A., *The sword of justice*, London, 1998.

Breytenbach, J. H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, deel I, Pretoria, 1978.

Breytenbach, J.H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid- Afrika, 1899-1902*, deel II, Pretoria, 1978.

Bourke, J., *An intimate history of killing*, London, 1999.

Castaneda, C., *Tales of power*, Londen, 1990.

Coates, A.J., *The ethics of war*, Manchester,1997.

De Kock, W.J. (red.), *SA biografiese woordeboek,* deel I, Kaapstad, 1968.

De Kock, W.J. (red.), *SA biografiese woordeboek*, deel II, Kaapstad, 1972.

De Wet, I., *Met genl De Wet op kommando*, Pretoria, 2001.

De Villiers, J. W., *C.R de Wet in die Kaapkolonie*, Bloemfontein 1999.

De Vries, R., *Mobiele oorlogvoering*, Silverton, 1987.

Ellis, J., *Guerilla warfare,* Londen, 1975.

Grundlingh, A.M., *Die "hendsoppers" en "joiners"*, Pretoria, 1979.

Guevara, E.,*Reminiscences of the Cuban revolutionary war,* London,1968.

Guevara, E., *Guerrilla warfare*, Middlesex, 1961.

Heyns, J.A., *Teologiese etiek,* deel I, Pretoria, 1982.

Jones, W.T. et al (eds.), *Approaches to ethics,* New York, 1977.

Jones, A., *The art of war in the Western World*, Urbana, 1987.

Keegan, J., *A history of warfare*, London, 1993.

Kestell, J.D., *Christiaan de Wet, ‘n lewensbeskrywing*, Kaapstad, 1920.

Kestell, J.D., *Met die Boere-kommando’s,* Pretoria, 1999.

Kestell, J.D. and van Velden, D.E., *The peace negotiations between Boer and Briton in South Africa*, London, 1912.

Kruger, R., *Goodbye Dolly Gray*, Londen, 1996.

Machiavelli, *The prince*, London, 1992.

Miller, R.B., *War in the twentieth century,* Louisville, 1992.

Nietzsche, F., *Beyond good and evil*, New York, 1997.

Nietzsche, F., *On the genealogy of morality*, Cambridge, 1994.

Nietzsche, F., *Thus spake Zarathustra,* New York, 1999.

Pakenham, T., *The Boer War,* Londen, 1988.

Pienaar, F.F., *Op kommando met Steyn en De Wet,* Pretoria, 2000.

Pretorius, F., *Die eerste dryfjag op hoofkmdt C.R. De Wet,* ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975.

Pretorius, F., *The great escape of the Boer pimpernel Christiaan de Wet, the making of a legend*, Pietermaritzburg, 2001.

Pretorius, F., *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* Kaapstad, 1999.

Reitz, D., *Commando,* Halfway House, 1992.

Rummel, R.J., *Understanding conflict and war*. Vol I, New York, 1975.

Scott, C.E., *The question of ethics*, Bloomington, 1990.

Scholtz, L., *Waarom die Boere die oorlog verloor het,* Pretoria, 1999.

Scholtz, L., *Beroemde Suid-Afrikaanse Krygsmanne*, Kaapstad, 1984.

Scholtz, W.L von R., *Genl. Christiaan de Wet as veldheer*, proefskrif Leiden, 1978.

Schoonees, P.C. et al (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal*, deel II, Pretoria, 1956.

Sun Tzu., *The art of war*, Boston, 1988.

Uys, I., *South African military who's who* 1452-1992, Germiston, 1992.

Van Schoor, M.C.E. (red.),*Die stryd tussen Boer en Brit*, Bloemfontein, 1999.

Velasques, M. et al (eds.), *Ethics theory and practice*, Englewood Cliffs, 1995.

Ver Loren van Themaat, H., *Twee jaren in den Boerenoorlog*, Haarlem, 1903.

Von Clausewitz, C., *Vom Kriege*, Bonn, 1966.

**ELEKTRONIESE INLIGTINGSBRONNE**

Principles of the just war,

http://www.mtholyoke.edu/acad/intrel/pol116/justwar/htm

Stanford encyclopedia of philosophy, http://plato.stanford.edu/entries/war/

**TYDSKRIFTE**

Pretorius, F., 'n Nederlandse vrywilliger by die Boere op kommando 1899-1902: Hendrik Ver Loren van Themaat en die Afrikaner. *Historia* 45(2), November 2000.

Pretorius, F., "Deze vergadering…beschouwt, dat onder de omstandigheden het volk niet gerechtvaardigd is, met den oorlog voort te gaan…" 'n ontleding van die redes waarom die Boere-afgevaardigdes by Vereeniging op 31 Mei 1902 die Britse vredesvoorwaardes aanvaar het. *Joernaal vir eietydse geskiedenis en internasionale verhoudinge* 27(2), Mei 2002.